MATIE-land



Pectora roborant cultus recti

JAARGANG 10 NOMMER 3 DESEMBER 1966

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
1866 - 1966

Werkgeleenthede

Die Federale Groep is stewig ingeskakel by die groei van Suid-Afrika. Trouens, hy gee dikwels die pas aan.
Met sy wydverspreide belange in die nywerheid, die mynbou en die handel, bied die Groep voortdurend 'n unieke verskeidenheid van tegniese, akademiese en administratiewe poste aan, asook aantreklike studiebeurse vir studente.
By die Federale Groep kan die man met inisiatief en ideale die vooruitgang, vervulling en sekuriteit kry wat gepaard gaan met gesonde groei. Kom bespreek gerus u toekoms met Federale Volksbeleggings Beperk.

FVB

DIE FEDERALE GROEP

VZ&R1376AX

Van hoogste reinheid **Oude Meester**

Likeurbrandewyn

PRIMARIUS...wêreldklas!

Erken Dwarsdeur die Mansmodewêreld

In 'n PRIMARIUS is u op enige plek ter wêreld „uit die boek uit" geklee! PRIMARIUS se klassieke snit beeld die modern-modieuse, slanke lyn uit in suiwer, ingevoerde wolkamstof met daardie onopsigtelike elegansie wat internasionaal kenmerkend van goeie smaak in mansdrag is. 'n Pak wat bydra tot die persoonlikheid van die man wat hom dra! Kies u PRIMARIUS uit vandag se botoon-modekleure: Goud op swart, swart op Boergonjerooi, warm koper, iridiumswart, donkerblou en olyfgroen.

100% Wol

PRIMARIUS

TUIS IN DIE WÊRELD SE DEFTIGSTE KRINGE

VZ010753/2

Goud van Kleur
Ryk aan Geur

VZ 002765/1A

GEE 'N MAN 'N LUCKY!

Vervaardig in Suid-Afrika, Rhodesië, V.S.A., Wes-Duitsland, Denemarke, Australië, Holland

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN

R. P. CONRADIE

MET MEDEWERKING VAN

DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 10 NO. 3 DESEMBER 1966

In hierdie uitgawe

Die Boodskap van die Eeufeesviering, 8
Ons Eeufees – 'n Grootse Simfonie, 9
Hoogtepunte in die Eeufeesvierings, 11
Feeskongresse, 12
Kultureel, Opvoedkundig, Godsdienstig, 13
Wetenskaplik, 15
Musiek en Sang, 18
Inwyding van die H. B. Thom-teater, 20
Nege bekende Suid-Afrikaners vereer, 23
Die Oud-Maties kom vier Fees, 26
10 Oktober, 28
Eeufeesgaste uit die Buiteland, 29
Die Eeufeesfonds, 31
Die Studente doen mee, 33
Eeufeesuitstallings, 34
Feestelike Sportgeleenthede, 36
Universiteitsnuus
Vier Veterane lê die tuig neer, 37
Ons eer sy Nagedagtenis, 39
Aanstellings, 40
Nuwe Kursusse, 44

Voorbladfoto

Die Rektor en mev. Thom voor die hoofingang van die H. B. Thom-teater.
(Foto: Alice Mertens)

Matieland lê met dankbare hulde 'n krans op die graf van een van Stellenbosch en Suid-Afrika se grootste seuns,

WYLE DR. H. F. VERWOERD

Ons betree die toekoms met geloof en vasberadenheid saam met die sesde oud-Matie Eerste Minister,

ADV. B. J. VORSTER



Die Boodskap van die Eeufeesviering

„Dit is vanjaar 'n honderd jaar sedert 'n aanvang met hoër onderwys op Stellenbosch gemaak is. Die Universiteit is voornemens om hierdie belangrike mylpaal op gepaste wyse te vier." Aan hierdie voorneme wat die Rektor, prof. H. B. Thom, in die voorwoord van die Eeufeesprogram in die vooruitsig gestel het, is uitvoering gegee op 'n wyse wat die Universiteit en die hoër onderwys tot eer strek. Nou, nadat die feesverrigtings ten einde geloop het, kan dit gesê word: die Fees was in alle opsigte geslaag, watter maatstawwe ook al aangelê mag word.

Tog is dit gepas en geregverdig om by 'n terugblik op die feesjaar die vraag te stel: Wat het die Universiteit met die feesvierings bereik? Het dit vir die Universiteit en vir hoër onderwys in die algemeen enige betekenis of boodskap ingehou?

Ten eerste het die bereiking van hierdie mylpaal vir die Universiteit die geleentheid gebied om vir homself rekenskap te gee van sy bestaan oor 100 jaar. Ons het die dryfvere agter die dade van die stigters in herinnering geroep, die verhewe doelstellings waarna hulle gestrewe het; ons het ons weer bewus geword van die fondamente waarop ons gebou is en van die ideale waartoe ons onsself oor die jare verbind het – kortom, ons kon vir onsself rekenskap gee van *wie en wat die Universiteit van Stellenbosch is.* Hierdie besinning en rekenskap is noodsaaklik, veral in hierdie tyd wanneer volksvreemde strominge en ideologieë soos rukwinde deur ons hoër onderwys waai, om te voorkom dat die Universiteit ontrou word aan homself en aan die idee waarvoor hy staan, om te verhoed dat hy sal losraak van die ankers wat hom as Volksuniversiteit 'n kragbron in ons volkslewe gemaak het.

Vir die eerste keer is die geskiedenis van hoër onderwys op Stellenbosch volledig te boek gestel. Die betrokke publikasie vertel nie slegs 'n verhaal nie; dit hou 'n boodskap in vir die toekoms, 'n boodskap wat as maatstaf en as rigsnoer moet dien in die jare wat voorlê. Daardie boodskap spreek kort en kragtig tot elkeen wat aan die Universiteit verbonde is, amptenaar, dosent, student en oud-student: Wees getrou aan die ideale van die Universiteit, bly met hernieude ywer, toewyding en vasberadenheid getrou aan ons Alma Mater se unieke tradisie van volksdiens!

Die Fees het voorts 'n heilsame saambindende invloed uitgeoefen. Afgesien van die bydraes van buite, was dit 'n magtige gesamentlike poging van die ***hele*** Universiteit. Geen fakulteit of departement het afsydig gestaan en nie sy bydrae gelewer nie; die Administratiewe personeel, die Departement van Ontwikkeling, die Afdeling Voorrade, die personele van die koshuise, die Vroue-vereniging van die Universiteit – elkeen het sy bydrae gelewer en die ekstra las as vanselfsprekend aanvaar. Die saak was groter as indiwidue, departemente of fakulteite. Elkeen het opnuut aangevoel dat hy deel uitmaak van 'n groter geheel, dat hy meewerk tot die bereiking van gemeenskaplike ideale en dat sy werk en optrede altyd één moet bly met die groter strewe van die Universiteit as geheel.

Ook die bande tussen die Universiteit en sy oudstudente is deur die feesviering nouer getrek. Duisende van hulle het Stellenbosch besoek, meegedoen en meegelewe; andere het gesien, gehoor en gelees van die feesbedrywighede van hulle Alma Mater. Dit alles het hulle opnuut bewus gemaak van hulle oud-Matieskap en hulle gevoel van lojaliteit teenoor, en verbondenheid met die Universiteit versterk.

Deur die Eeufees is die beeld van die Universiteit na buite uitgedra soos nog nooit tevore nie. Die wyse waarop honderde besoekers van binne en buite ons grense hier ontvang is, die hoë vlak waarop al die aktiwiteite aangebied is, het 'n onuitwisbare indruk gelaat. Daardeur het die Universiteit vriendskap, welwillendheid en goeie gesindheid opgebou wat in die jare wat voorlê, van onberekenbare waarde sal wees.

Die Fees was vir die Universiteit self 'n verjongingskuur. Opnuut bewus van sy grondslae, sy tradisies, sy prestasies en sy taak, betree hy die volgende 100 jaar met geloofsvertroue en onwrikbare vasberadenheid om op die ingeslane weg voort te bou in diens van ons land en ons mense.

Ons Eeufees - 'n Grootse Simfonie

DEUR PROF. G. P. J. TRÜMPELMANN,
VOORSITTER VAN DIE AKSIEKOMITEE
VAN DIE SENTRALE EEUFEESKOMITEE

In die kultuurgeskiedenis word vertel dat in vervloë dae vorste, handelshere en gilde soms aan kunstenaars opdragte gegee het om een of ander groot werk te skep om te dien as waardige gedenkteken van 'n merkwaardige gebeurtenis. Sodoende het 'n menigte indrukwekkende kunswerke ontstaan. Dit geld nie alleen vir die beeldende kunste nie, maar ook vir die toonkuns waar op hierdie wyse bepaalde komposisies, soos oratoria, sonates en simfonieë in die lewe geroep is.

Ek wil graag die vorm van die simfonie as beeld gebruik om ons verrigtinge in verband met die eeufeesviering van die Universiteit van Stellenbosch te omskryf. Ook ons het gedurende hierdie jaar 'n grootse simfonie tot stand gebring. Sy tema was die Universiteit van Stellenbosch in die verlede en die hede. Ook ons het 'n opdraggewer gehad: die Raad van ons Universiteit. Die uitvoering van sy opdrag het die ontstaan van 'n werk tot gevolg gehad, wat in elke opsig enig was omdat dit nie deur 'n enkele persoon, maar deur almal wat verbonde is aan die universiteit en sy belange op die hart dra, geskep en uitgevoer is.

'n Simfonie is 'n klankbeeld waarin feitlik al die musiekinstrumente wat bestaan, gehoor kan word. Meesters, soos Beethoven, het dikwels daaraan 'n beskrywende karakter gegee, soos in sy beroemde „Pastorale". Hy het selfs koorstukke en sangsolos ingevoeg, soos in sy pragtige 9e Simfonie. Ook ons simfonie was so 'n allesomvattende werk.

Dit is duidelik dat dergelike ondernemings nie kan slaag nie sonder die leiding van 'n bekwame dirigent, wat die vermoë besit om die menigvuldige klanke te laat saamvloei tot 'n harmoniese eenheid. Hierdie dirigent het ons gehad in die persoon van ons Rektor wat sy orkes volmaak en ten volle beheer het. Dit was beslis geen maklike taak nie, omdat spelers soms 'n natuurlike neiging getoon het om indruk te maak met hulle instrumente ten koste van hulle kollegas. Ek bv. was verlief op die gerommel van my drom. Omdat ek heel agter moes staan, het ek dit 'n slag oor die hele Universiteitskampus laat dreun. 'n Beweging van my dirigent se pinkie het my egter gou laat besef dat ek teveel geraas maak en die harmonie versteur. En so het dit ook in ander gevalle gegaan en is ons simfonie met welslae en sonder 'n enkele wanklank uitgevoer en oor die lengte en breedte van die Republiek met waardering gehoor.

'n Simfonie bestaan uit verskillende dele of bewegings. Die toonsetters het die gewoonte om daaraan eienaardige Italiaanse name te gee. As u by 'n konsert na die program in u hand kyk, dan lees u daar: Allegro moderato of Allegro maestoso of Allegro ma non troppo; verder Andante, Adagio, Largo, Romance-Larghetto, Scherzo en Rondo; dan weer: Allegro presto of Allegro energico, en uiteindelik Finale prestissimo en dies meer. Al hierdie bewegings of dele met die verskillende benamings, vorm bepaalde eenhede en verskil ten opsigte van karakter en tempo. Desnieteenstaande vorm hulle 'n samehangende eenheid.

Ook ons simfonie het dergelike eenhede gehad. In elkeen is bepaalde fasette van ons universiteitslewe vertolk. Die bewegings het wel verskil, maar tewens almal betrekking gehad op die sentrale tema. Daar was 'n sprankelende, veelstemmige ALLEGRO wat reeds in Februarie begin en uit bykans 40 simposia, konvensies van wetenskaplike institute, vergaderings van kommissies en kultuurvereniginge, konferensies van rade, met die samewerking van 12 beroemde buitelandse vakgeleerdes, bestaan het. 'n Menigte van instrumente is bespeel en het die toehoorders al na gelang van hulle klanke aangenaam aangedoen, ontroer en besiel – *aangenaam* wanneer hulle besef het hoeveel belangrike resultate deur onvermoeide ywer bereik is; *ontroer* deur die liefde vir ons land en volk wat uit die worsteling met ernstige probleme gestraal het, en *besiel* deur die vasberadenheid waarmee moeilike take aangepak is. Daar val nie aan te twyfel nie dat ons Allegro oral in Suid-Afrika weerklank gevind het.

Dan was daar die strelende en verheffende ANDANTE van ons konserte, musiek- en sanguitvoerings, die teateropvoering en 'n heerlike kunsuitstalling. Van heinde en vér het beroemde kunstenaars gekom om ons te vergas op die mooiste openbarings

van die menslike kultuurlewe – onder hulle ons eie Hanlie van Niekerk. Ons kon op Stellenbosch deelneem aan die musiek- en teaterlewe wat tot onlangs voorbehou was vir die konsert- en teatersale van ons vérafgeleë stamlande. Ons kon egter ook op oortuigende wyse ons eie stem laat hoor in die konserte van die S.A.U.K.-orkes, ons eie universiteitskoor, ons eie musici in die konservatoriumsaal en, op 'n Sondagaand, in die kerk. Bo alles het ons met voldoening ons kultuurpeil getoon in die uitsonderlike toonsettings van ons befaamde komponiste Hubert du Plessis en Arnold van Wyk, en in die meesterlike vertaling van een van die groot werke van die wêreldletterkunde deur Eitemal. Dit was voorwaar 'n onvergeetlike Andante wat nie maklik in ons land geëwenaar kan word nie.

Newens hierdie beweging het ons simfonie 'n opgewekte RONDO bevat met tal van variasies van die tema: die aktiwiteite in ons verskillende universiteitsdepartemente. Dit was inderdaad 'n boeiende belewenis om te luister hoe die verskillende instrumente hier beurtelings op besoekersdae na vore gekom en hulle besondere taak in die geheel uitgebring het. Besonder treffend was die diep kontrabas van die teologie, die harpakkoorde van die lettere en wysbegeerte, die helder ritmiese xilofoonklanke van die ingenieurswese, die warm tjellotone van opvoedkunde, die strelende stemme van ander snaarinstrumente in die beeldende kunste, hier en daar onderbreek deur die heldere getjingel van potte en panne in die huishoudkunde, die klavierklopping van landbou, die trompetgeskal van die natuurwetenskappe, wat die nog ietwat yle maar heldere ramkie-getokkel van Afrika-Studie nie kon uitdoof nie. Hierdie veelsydige Rondo het veral by jeugdige toehoorders uit ons skole, by koerant- en uitsaaidiensmanne byval gevind.

Heel anders was karakter en tempo van die opgeruimde en humoristiese SCHERZO in trippelmaat en met 'n trio: die vrolike en ontspannende sametrekke van oud-studente met trekklavier by vleisbraaie en walsmelodieë op die Oud-Matiedans, die sportbedrywighede met tamboergerammel en, as derde van die trio, die onvergeetlike en burleske Boereorkes onder leiding van Oom Pietie le Roux. Te midde van al die uitbundige vrolikheid van hierdie beweging is soms ook tone van gedempte weemoed gehoor wat menigmaal opwel by herinneringe aan die goeie oue tyd in Matieland. Hierdie deel van ons simfonie was populêre musiek en kon in die smaak val van almal, oud en jonk, groot en klein.

Dit spreek vanself dat 'n groot komposisie nie met so 'n lughartige beweging kon ophou nie. Daar het nog afronding en afsluiting ontbreek.

Die afronding het gekom in 'n statige LARGHETTO. Sy tema was danksegging en oordenking. Dank en waardering is betuig deur ons Eerste Minister teenoor ons Rektor tydens die plegtige inwyding van die nuwe teater, wat 'n verdere en belangrike mylpaal in ons kulturele ontwikkeling daarstel. Dank en waardering van al die suster-universiteite is oorgebring by monde van hulle rektore. Dank en waardering is op 'n spesiale eregradeplegtigheid betuig aan manne wat hulle op verskillende terreine van die openbare lewe onderskei het deur uitmuntende dienste aan land en volk. Die toon en trant van hierdie Larghetto was kalm en ernstig, sonoor soos die basnote van kontrabas en trombone, omdat die danksegging gepaard gegaan het met diepe oordenking van al die verrigtinge van ons Universiteit en sy koers in die toekoms in die toesprake van hoogwaardigheidsbekleërs, veral in die gewigtige rede van ons Kanselier.

Al die akkoorde is ten slotte saamgevat in 'n magtige FINALE MAESTOSO van 'n spesiale erediens in die studentekerk. Ons simfonie het sy klimaks bereik met 'n hartstogtelike GLORIA IN EXCELSIS DEO, ERE SY GOD! Die danklied het opwaarts gestyg soos die klankgolwe van 'n orrel waarvan die speler al die registers oopgetrek het.

Daarna het ons skielik besef dat alles verby was. 'n Stilte het ingetree, soos die stilte na 'n drukte, na 'n groot spanning. 'n Rukkie later is ons weer na die universiteitsterrein gelok deur die vrolike musiek van die Vlootorkes en die ritmiese geklop van marsjerende voete. Ons het die parade van die Regiment Universiteit Stellenbosch bygewoon, belang gestel in die vlaghysingseremonie en ons nuwe universiteitsvlag sien wapper. Nes die soldate het ons in die namiddag as deelnemers aan die Eeufees ons vlaggies gestryk en voldaan huis toe gestrompel.

Ten slotte enkele insiggewende statistieke. Die 39 kongresse is deur 6,300 deelnemers bygewoon; 11,500 musiekliefhebbers het ons konserte besoek; die opvoering van „Faust" is deur meer as 4,200 besoekers gesien; die sportbedrywighede het by ruim 8,000 persone belangstelling gevind; ruim 2,000 oud-Maties was by die saamtrekke teenwoordig; by die uitstallings kon die duisende nie getel word nie. Tydens die kongresse, konserte e.d.m. is 5,940 gaste onthaal; gedurende die pouses is ruim 12,000 koppies koffie en tee geskink. Hierdie getalle is sprekende bewyse van die belangstelling enersyds, en van 'n bykans onbeperkte diensvaardigheid by die tal van stille werkers en werksters andersyds, wat vrywillig en onbaatsugtig ons saak gedien het. Mag dit altyd so wees!

Hoogtepunte in die Eeufeesvierings

Almal vir wie dit beskore was om die Eeufeesvierings van die Universiteit gedurende 1966 mee te maak en deel daaraan te hê, sal saamstem: dit was 'n onvergeetlike belewenis. Dit was uniek in die annale van hoër onderwys in Suid-Afrika – 'n jaarlange deurlopende feestelikheid waarin die een hoogtepunt die ander reëlmatig gevolg het.

Die feesprogram het o.m. ingesluit:

* 'n Veertigtal kongresse, jaarvergaderings, simposia en kursusse.
* 'n Twintigtal musiek- en sanguitvoerings.
* Die opvoering van Faust in Afrikaans waarmee die nuwe H. B. Thom-teater amptelik ingewy en in gebruik geneem is.
* Besoekersdae, uitstallings en demonstrasies waartoe feitlik elke fakulteit en departement bygedra het.
* 'n Saamtrek van oud-Maties en 'n reeks reünies wat deur groot getalle oudstudente bygewoon is.
* 'n Buitengewone gradeplegtigheid waartydens nege bekende Suid-Afrikaners deur die toekenning van ere-doktorsgrade vereer is.
* Die besoek, op uitnodiging van die Universiteit, van 'n aantal bekende oorsese geleerdes wat by geleentheid van kongresse, simposia of openbare voorlesings opgetree het.

En onder dit alles het die normale werksaamhede van die Universiteit onbelemmerd voortgegaan!

In die volgende bladsye belig *Matieland* slegs enkele van die hoogtepunte in die feesvierings.

Feeskongresse

Die veertigtal kongresse wat gedurende hierdie Eeufeesjaar in die Eikestad gehou is, was inderdaad Feeskongresse. Gedagtig daaraan dat die kongresse deel van die Universiteit se feesvierings sou uitmaak, het die organiseerders moeite gedoen om van hulle gereelde byeenkomste vanjaar iets besonders te maak. Daarby het die Sentrale Feeskomitee alles in sy vermoë gedoen om 'n feesatmosfeer te skep. Die meer as 6,000 kongresgangers is met egte Matie-hartlikheid ontvang, gehuisves, onthaal en versorg.

Die huisvesting van kongresgangers as groepe saam in Universiteitskoshuise het besondere byval gevind. Daarby kom die onthale wat die Universiteit, die Stadsraad en ander instansies aangebied het, die bediening van verversings deur die Vroueverenigingvan die Universiteit, uitstappies en ekskursies, die puik reëlings deur mnr. A. J. Esterhuyse en sy helpers – dit alles het verseker dat al die 1966-kongresse op Stellenbosch as Feeskongresse onthou sal word.

Die persoonlike teenwoordigheid van die Rektor en mev. Thom by al die kongresse waar dit enigsins moontlik was, het hoë waardering uitgelok. By wyse van 'n openingsrede, 'n welkomswoord of net deur gesellige verkeer met die kongresgangers, het prof. en mev. Thom deur hulle teenwoordigheid en kenmerkende hartlikheid luister en status aan die kongresverrigtings verleen.

Hoede af, vir ons Dames

'n Vergadering, kongres of konsert is mos nie heeltemal suksesvol sonder 'n onthaal of dan minstens 'n lekker koppie tee en 'n toebroodjie nie! Die dank vir die voorsiening van hierdie belangrike bydrae tot die sukses van die feesvierings kom in die eerste plek toe aan die Vroueverenigingvan die Universiteit en die personele van koshuise wat kongresgangers gehuisves het.

Gedurende die jaar het die Vroue-vereniging by 20 kongresse, al die musiekkonserte en al die vertonings van Faust tee en verversings bedien en verskeie groot onthale aangebied. Die omvang van hulle taak blyk daaruit dat hulle nagenoeg 12,000 kopies tee en koffie geskink het!

En by dit alles het hulle die groot Eeufeesbal waaraan 400 mense meegedoen het, georganiseer, weekliks 'n stalletjie gehou waar studente 'n verskeidenheid heerlike, tuisgebakte koek kon koop, en maandeliks by die Senaatsvergaderings verversings bedien. Deur dit alles was daar 'n huis, 'n man en kinders aan wie ook aandag gegee moes word!

Op die foto verskyn die Bestuur van die Vroueverenigingvan: Voor v.l.n.r.: *Mevv. Marie van der Merwe, Suna de Villiers, Priscilla Stiglingh (Sekretaresse), Hettie Cillié (Voorsitster), Veronica Lombard (Tesouriere), Leonie Basson, Anna Kirsten.* Agter v.l.n.r.: *Mevv. Marietjie Conradie, Marie Toerien, Rina Dreyer, Willie van Rensburg, Alet van der Merwe, Leonie Retief en Ursula Conradie.* Foto: Edrich

Kultureel, Opvoedkundig, Godsdienstig

Die kongresse, jaarvergaderings, konferensies en openbare voorlesings van 'n kultureel-opvoedkundige en godsdienstige aard het beslis groot luister aan die Fees verleen. Die kongresse van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, die S.A.O.U., die F.A.K. en die S.A. Vereniging vir die Bevordering van die Opvoedkunde was hoogtepunte wat nie gou vergeet sal word nie. Daarbenewens was daar o.a. verskeie opknappingskursusse, die vergaderings van die Historiese Genootskap van S.A. en die Historiese Monumentekommissie, asook die kongresse van die Nuwe Testamentiese en Ou Testamentiese Werkgemeenskappe van S.A.

Beskermers van ons Monumente

Die Historiese Monumentekommissie het van 28 Maart tot 1 April op Stellenbosch vergader. Die foto toon al die lede van die Kommissie in die kantoor van die Rektor by die Rektor se geskiedkundige grootvaderklok wat enkele jare gelede tot historiese gedenkwaardigheid verklaar is. Die lede is v.l.n.r.: Prof. J. J. Oberholster, dr. A. C. Hoffman, mnr. J. F. Preller, prof. A. M. Pelser, prof. H. B. Thom (Rektor), dr. A. Kieser (Voorsitter), mnr. G. J. van Zijl, dr. Wm. Fehr, dr. W. H. J. Punt, prof. D. J. Kotzé, mnr. J. H. Stander.

Kenners van die Ou Testament

Drie bekende oorsese geleerdes het by die kongres van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van S.A. wat van 26 tot 29 Julie in die Raadsaal van die Universiteit gehou is, opgetree. Die tema van die kongres was: Ou-Testamenties-Semitiese Studies. Die oorsese besoekers verskyn op die foto saam met prof. P. A. Verhoef wat as voorsitter by die kongres opgetree het. Hulle is, v.l.n.r.: Prof. A. Malamat van die Hebreeuse Universiteit, Jerusalem, wat deur bemiddeling van die Joodse Raad van Afgevaardigdes en die Sionistiese Vereniging in staat gestel is om die kongres by te woon; prof. Georg Fohrer van die Universiteit van Erlangen, Wes-Duitsland, wat op uitnodiging van die Universiteit as gasspreker opgetree het; prof. John Bright van Richmond, V.S.A., wat Suid-Afrika onder die S.A.–V.S.A. Leierskap-Uitruilprogram besoek het, en prof. Verhoef.
Hierdie baie geslaagde kongres is voorafgegaan deur 'n kongres van die Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap (22–25 Julie), met die tema Nuwe Testamentiese Studies. Foto's: Johan Stander

Burgemeester onthaal S.A. Akademie

Die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns het sy Algemene Vergadering van 30 Junie tot 2 Julie gewy aan 'n bespreking van sy verlede, groei en toekomstaak. By geleentheid van die openbare sluitingsfunksie in die R. W. Wilcocksgebou, is die Akademiepryse en -toekennings vir 1965–66 aan die bekroonde persone oorhandig, drie waarvan Stellenbossers is. Hulle is : George Louw : Eugéne Marais-aanmoedigingsprys vir Afrikaanse Letterkunde; Prof. J. P. J. van Rensburg : Akademieprys vir Vertaalde Werk (poësie), 1965; Dr. A. E. Rupert : Frans du Toit-prys vir Bedryfsekonomiese Prestasie, 1965; Dr. M. H. de Kock : Frans du Toit-prys vir Bedryfsekonomiese Prestasies, 1965; Alba Bouwer : Scheepersprys vir Jeuglektuur, 1965; Robert Mohr : Erepenning vir Toneelkuns, 1965; Dr. W. L. Grant : Havengaprys vir Ingenieurswese, 1966; Prof. Jan Bonsma : Erepenning vir Natuurwetenskaplike Prestasie, 1966; Prof. D. M. Joubert : Havengaprys vir Landbou, 1966; Prof. W. J. du P. Erlank : Akademieprys vir Vertaalde Werk (drama), 1966; Henriette Grové : Eugène Marais-aanmoedigingsprys vir Afrikaanse Letterkunde (drama), 1966; J. H. Vermaas : Scheepersprys vir Jeuglektuur, 1966; Maurice von Essche : Erepenning vir Skilderkuns, 1966; Films of Africa : Eerepenning vir Rolprentkuns, 1966; L. W. Hiemstra : Besondere Erepenning vir diens aan die Afrikaanse Taal; Adolph Hallis : Erepenning vir Musiekkuns, 1966. Die meegaande foto is geneem tydens 'n onthaal wat die burgemeester, Rdsl. W. C. Dempsey, vir die kongresgangers aangebied het. V.l.n.r. verskyn dr. A. J. A. Roux, Direkteur-Generaal van die Raad op Atoomkrag en vorige voorsitter van die Akademieraad, mev. W. C. Dempsey, prof. P. J. Nienaber, huidige voorsitter van die Akademieraad, en mnr. W. C. Dempsey.

Taalhandhawing as Tema

Die 18de Tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 13 tot 15 Julie, was 'n skitterende sukses. Die tema was Taal en Taalhandhawing en die Voorsittersrede, referate en besprekings was deurgaans prikkelend en die boodskap ondubbelsinnig.

Die openingsaand was iets besonders. Benewens die openingsrede deur Sy Edele dr. A. Hertzog, is die res van die aand gewy aan musiek en sang waartydens die kunstenaars Gé Korsten en Nellie du Toit, en vier musiekbeurshouers van die F.A.K. opgetree het. Hierdie wyse van opening het soveel byval gevind dat dit waarskynlik deel van alle toekomstige kongresse sal word.

Op die foto wat by dié geleentheid geneem is, verskyn v.l.n.r. : Prof. H. B. Thom, wat vir die sewende agtereenvolgende tweejaartermyn tot voorsitter van die F.A.K. herkies is, mej. A. M. Lintvelt, een van die beurshouers, Gé Korsten en mej. Nellie du Toit.

Foto's : Johan Stander

Wetenskaplik

Meer as die helfte van al die kongresse en simposia was van wetenskaplike aard. Van oor die hele Republiek, Suidwes-Afrika en Rhodesië, het wetenskaplikes, baie vir die eerste keer, met die wetenskaplike bedrywighede van die Universiteit kennis gemaak. En hierdie kennismaking is allerweë as besonder vrugbaar en prikkelend beskou en het die vriendekring van die Universiteit, veral op hierdie gebied, grootliks uitgebrei.

Referate deur verskeie oorsese geleerdes wat internasionale erkenning geniet, het tot die sukses en hoë standaard van die kongresverrigtings bygedra.

Fisika

Vanaf 4 tot 6 Julie het 160 fisici, afkomstig uit alle dele van die Republiek, die elfde jaarlikse kongres van die S.A. Instituut vir Fisika op Stellenbosch bygewoon. Gedurende hierdie drie dae is ongeveer 100 referate voorgedra waaronder 15 deur die personeel van die Fisikadepartement en die Kerninstituut van die Suidelike Universiteite. Die voordragte is gelyktydig in 4 sale onder die hoofde Algemene Fisika, Kernfisika, Fisika van die Vaste Toestand en Spektroskopie gelewer.

Dr. K. Lacqua, onderhoof van die Institut für Spektrochemie und Angewandte Spektroskopie te Dortmund, Wes-Duitsland was die eregas van die Instituut en een van die oorsese wetenskaplikes wat deur die Universiteit as deel van die Eeufeesprogram uitgenooi is. Dr. Lacqua het twee voordragte voor die kongres gehou, en albei het baie groot byval gevind.

Kongresgangers het in Dagbreek tuisgegaan. Benewens 'n uitstappie na die Kerninstituut is die Kongresgangers ook onthaal deur die Munisipaliteit van Stellenbosch en die Stellenbosse Boerewynmakery. Die verrigtings het op 'n hoë noot afgesluit met 'n dinee aangebied deur die Rektor en mev. Thom, waartydens die meegaande foto geneem is. V.l.n.r. : Dr. J. N. van Niekerk (Voorsitter), mev. H. B. Thom, dr. A. Strassheim, Onder-President van die W.N.N.R., prof. H. B. Thom, mev. Van Niekerk en dr. Lacqua.

Sielkunde

Negentig afgevaardigdes het die vyfde jaarvergadering en kongres van die Sielkundige Instituut van die Republiek van Suid-Afrika (SIRSA) vanaf 3 tot 5 Oktober in die Van der Sterr-gebou, bygewoon.
Dr. Viktor E. Frankl, hoof van die Departement van Neurologie van die Poliklinik-hospitaal in Weenen en professor in Psigiatrie en Neurologie aan die Universiteit van Weenen is deur die Universiteit genooi en het die kongres Maandagaand, 3 Oktober, amptelik geopen. In sy rede het dr. Frankl die soeke na betekenis beklemtoon as een van die primêre motiverende faktore in die gedrag van die mens.
'n Hoogtepunt vir die kongresgangers was 'n dinee wat deur die Rektor, prof. H. B. Thom, aangebied is. By dié geleentheid is erelidmaatskapsertifikate van SIRSA aan prof. H. B. Thom; dr. R. W. Wilcocks, voormalige Rektor van die Universiteit van Stellenbosch; mnr. S. Theron, Adjunk-S.G.O. en dr. P. J. Theron, emiritus-sielkundige, oorhandig. Op die foto wat by dié geleentheid geneem is, is mnr. S. Theron aan die woord. Langs hom sit prof. J. M. Hattingh, President van SIRSA, en prof. Thom.



Afrika-Studie

Die bydrae van die Departemente van Afrika-studie en Geografie en die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys tot die Eeufeesviering van die Universiteit van Stellenbosch, was 'n Afrika-simposium. As sprekers het o.a. opgetree prof. Richard Logan van die Universiteit van Kalifornië; mnr. A. B. F. Burger, Adjunk-Sekretaris van Buitelandse Sake en genl.-maj. sir Francis de Guingand, Voorsitter van die Suid-Afrika-stigting. Prof. Logan, 'n wêreldbekende gesaghebbende oor Suidwes-Afrika, het op uitnodiging van die Universiteit as gasspreker by die simposium opgetree. Hierdie Afrika-simposium was die eerste wat aan die Universiteit van Stellenbosch gehou is, en het wye belangstelling gewek.
Die foto toon prof. Richard Logan in gesprek met dr. J. S. Gericke, Vise-Kanselier van die Universiteit (links) en genl.-maj. sir Francis de Guingand (regs) tydens die Afrika-simposium. Prof. Logan en dr. Gericke het beide namens Suid-Afrika by die wêreldhof in Den Haag getuig.



Junior S_2 A_3

Ook aan senior hoërskoolleerlinge, die studente van die toekoms, is geleentheid gebied om kennis te maak met die Universiteit en sy werksaamhede.
Daar word reeds die afgelope paar jaar gereeld 'n Junior Wetenskapkongres deur die S.A. Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap georganiseer. Hierdie kongres is vanjaar vir die eerste keer aan die Universiteit van Stellenbosch gehou. Meer as 600 senior wetenskapskoliere van 'n aantal Skiereilandse en Wes-Kaaplandse skole het van 22 tot 24 Junie in Stellenbosch vergader, waar hulle onder andere voorlesings van dosente van die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad bygewoon en die wetenskapdepartemente aan die Universiteit besoek het. Die leerlinge was in twee groepe verdeel, nl. Biologie, en Natuur- en Skeikunde, wat elk in een van die voorlesingsale van die Universiteit vergader het; gesamentlike byeenkomste is in die Stellenbosse stadsaal gehou. Die Universiteit is verheug dat besluit is om dié Kongres voortaan om die beurt aan die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Kaapstad te hou. Die foto toon 'n deel van die 600 leerlinge in die Stadsaal by geleentheid van die amptelike opening wat deur die Rektor, prof. H. B. Thom, waargeneem is.

Foto's: Johan Stander

Geneeskunde

Die vyfde Gesamentlike Tweejaarlikse Kongres van die Suidelike Afrika Hartvereniging, die Interniste Vereniging van Suid-Afrika en die Vereniging vir Endokrinologie, Metabolisme en Suikersiekte van Suidelike Afrika is vanaf 3 tot 7 Oktober in die R. W. Wilcocks-gebou gehou. Dit was die eerste keer dat 'n geneeskundige kongres op nasionale vlak op Stellenbosch gehou is, en ook die eerste geleentheid vir die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Stellenbosch om so 'n aangeleentheid te reël.
Die kongresverrigtinge is bygewoon deur interniste en chirurge uit alle dele van die Republiek, van Suid-Wes-Afrika en van Rhodesië. Daar was ook vyf besoekers uit die buiteland. Hulle was : Professor J. F. Goodwin van die Nagraadse Mediese skool, Hammersmith, London – 'n bekende kardioloog; professor G. G. Rowe van die Universiteit van Wisconsin, Madison, V.S.A. – 'n deskundige op die gebied van die kroonaarsirkulasie; professor K. A. C. Elliott van die Departement van Biochemie, McGill Universiteit, Montreal; dr. G. J. Tammeling, 'n longfisioloog van Groningen, Nederland en dr. R. Marshall, ook 'n longfisioloog, van die Radcliffe Infirmary, Oxford.
Vir die Fakulteit van Geneeskunde moet die kongres as een van die hoogtepunte van die akademiese jaar beskou word, en daar word gevoel dat daardeur erkenning van ons geneeskundige skool as volwaardige navorsingsentrum verwerf is.

Die foto toon die Rektor in druk gesprek met prof. J. F. Goodwin.

Musiek en Sang

Dit stem tot voldoening dat by die samestelling van die programme van die konserte wat 'n deel van die luisterryke Eeufeesviering van ons Universiteit sou wees, sowel aan die skeppende as herskeppende Suid-Afrikaanse toonkunstenaars – en nie die minste nie, uit Stellenbosch self! – 'n belangrike plek gegee is. Die Universiteit self het daarin die voortou geneem deur die verlening van opdragte aan ons twee vooraanstaande komponiste wat aan die Departement van Musiek verbonde is, en daarmee 'n blywende herinnering aan die besonder geslaagde konsertreeks geskep. Want dat die twee komposisies van Arnold van Wyk en Hubert du Plessis nie maar net geleentheidswerke geword het, wat na die feestelike uitvoeringe onder die stof van 'n musiekrak vergeet sal word nie, het die musiekliefhebbers wat uit alle windstreke na die Stellenbosse Stadsaal gekom het, kon vasstel.

Van Wyk se orkessuite „Vier Gebede by Jaargetye in die Boland", wat op die sonnettereeks van dié naam uit N. P. van Wyk Louw se bundel *Die Halwe Kring* gegrond is, is deur die genooide S.A.U.K.-Simfonieorkes, onder leiding van sy hoofdirigent, Anton Hartman, uitgevoer. Mnr. Hartman het tydens sy verblyf in die Eikestad ook die huidige musiekbeoefening en spesiaal die musiekonderrig in die Republiek aan 'n ernstige beskouing onderwerp en waardevolle riglyne vir 'n toekomstige doeltreffender onderwys getrek. Tydens die tweede konsert van die S.A.U.K.-orkes, onder leiding van Gideon Fagan, Hoof van Musiek van die S.A.U.K., het Lionel Bowman as solis in die Vierde Klavierkonsert van Beethoven, opgetree en is die Konsertouverture van die dirigent gespeel. Lionel Bowman het verder tydens 'n klavieraand o.m. 'n poëtiese uitbeelding van die Kinderszenen van Schumann gegee.

'n Besondere gebeurtenis was ook die eerste uitvoering van die nuwe liedersiklus *Die Vrou,* vir sopraan en klavier, deur die sangeres Hanlie van Niekerk en die komponis, waarin Hubert du Plessis die universele rol van die vrou as lewegewende bron (op tekste van Elizabeth Eybers, verse uit die Franse Hooglied, en gedigte van Hendrik Marsman en Morgenstern) behandel het. In 'n tweede konsert saam met die pianis Hennie Joubert, het die sangeres in 'n reeks operafragmente die volle Stadsaal tot geesdrif gebring. Met dankbaarheid mag hierby vermeld word, dat sy die opbrengs van haar twee konserte vir 'n oorsese studiebeurs aan 'n Stellenbosse musiekstudent bestem het! Hubert du Plessis het nogmaals as komponis opgetree in 'n Studentekonsert in die Konservatoriumsaal, waarby die vertolking van sy liedersiklus *In den Ronde* (tekste van H. Marsman) deur die bariton Barend de Clerk, met begeleiding van die komponis, 'n diepe indruk gemaak het.

HUBERT EN HANLIE
By geleentheid van 'n gesellige onthaal na Hanlie van Niekerk se eerste konsert op 28 September het die komponis, Hubert du Plessis, aangekondig dat hy sy liedersiklus, Die Vrou, *aan haar opgedra het.*

Vanselfsprekend het 'n konsert van die Universiteitskoor in hierdie konsertreeks nie ontbreek nie. Philip Mclachlan en sy onvolprese koor het die liefhebbers van koorsang op 'n afwisselende program van geestelike en wêreldlike koorwerke onthaal, waaronder die musikale verwerkinge van Boudewyn Scholten sekerlik nie onvermeld mag bly nie. Hierdie orrelis het met medewerking van die sopraan Virginia Oosthuyzen, en die fluitiste Eva Tamassy en Johannes Cronjé 'n stylvolle konsert met werke van Bach, Mozart e.a. in die Moederkerk gegee.

Nog 'n bekende oorsese Suid-Afrikaanse sanger, die bas Dawie Cousyn, het aan die feeskonserte deelgeneem, waarby hy o.m. die *Vyf Afrikaanse Liedere* (op tekste van I. D. du Plessis) van Dawid Engela vir die eerste keer op Stellenbosch gesing het. Die komponis het hom daarby slagvaardig begelei.

Behalwe hierdie prestasies van ons eie, Suid-Afrikaanse toonkunstenaars, was daar die optrede van bekende buitelandse soliste en ensembles wat besondere luister aan die Eeufees verleen het. Die onvergeetlike samespel van die Hongaarse Strykkwartet, die opgewekte koorsang van die Münchense Kamerkoor, die briljante spel van die Belgiese pianis, Claude-Albert Coppens (wat die Pastorale en Capriccio van Arnold van Wyk vertolk het), die samespel van György Pauk en Ingemar Bergfeld en die klavierspel van die Haydn-spesialis, Lamar Crowson, was almal waardige bydraes tot die feesprogram.

Die feit dat amper alle konserte uitstekend bygewoon is, bewys dat die musieklewe van ons Universiteitstad in 'n bloeiende toestand verkeer, en ook dat die keuse van programme en kunstenaars, waarvoor prof. Richard Behrens in groot mate verantwoordelik was, in die smaak geval het. Hulle het 'n indrukwekkende bydrae tot die Eeufees van ons Universiteit gelewer.

DR. JAN BOUWS

Tydens die eerste konsert van die S.A.U.K.-Simfoniekonsert in die Stadsaal op 19 Augustus, is Arnold van Wyk se orkessuite onder leiding van mnr. Anton Hartman uitgevoer. Hier verskyn die dirigent (links) en die komponis (regs) saam met die Rektor, prof. H. B. Thom.
Beide konserte van die orkes, op 19 en 23 Augustus, is direk uitgesaai. Foto's: Johan Stander



Luisterryke Inwyding van die

Die Eeufeesviering het sy hoogtepunt bereik op 7 en 8 Oktober.

Op die aand van 7 Oktober het die Vise-Kanselier, en mev. J. S. Gericke die ere-gaste by wyse van 'n deftige dinee onthaal. Onder hulle was die Eerste Minister, lede van die Kabinet, lede van die Universiteitsraad, die Administrateur van Kaapland en ander hoogwaardigheidsbekleërs en lede van die Senaat.

Hierna is die luisterryke opening van die nuwe H. B. Thom-teater waargeneem deur Sy Edele adv. B. J. Vorster. In sy rede het die Eerste Minister verwys na die groot diens wat die Universiteit van Stellenbosch deur die daarstelling van hierdie „modernste kleinteater van sy soort in die Republiek" aan die verhoogkuns in ons land bewys het. Hierdeur was Stellenbosch getrou aan sy tradisie oor 100 jaar, nl. om in die behoeftes op al die terreine van ons volkslewe te voorsien. Daarom het Stellenbosch by uitstek daarin geslaag om „die hoofde en die harte van mense op te voed".

Die Eerste Minister het die dank en blydskap van almal teenwoordig uitgespreek dat dit goedgevind is om die teater die H. B. Thom-teater te noem. „Dit is goed dat die Universiteit sy Rektor, 'n persoon wie se invloed vér buite die grense van Stellenbosch op baie gebiede van ons volkslewe baie sterk gevoel word, 'n persoon wat alles vir hierdie Universiteit feil het, 'n persoon wat sy taak volvoer met soveel ywer en geesdrif dat dit 'n lus is om hom in sy werk te aanskou, op hierdie wyse vereer."

Adv. Vorster het hom ten slotte tot prof. Thom gerig en gesê: „Deur u op hierdie wyse te vereer, glo ek het die Universiteit vir homself baie eer ingeoes. En u moet dit beskou dat die besluit om hierdie teater na u te vernoem, 'n blyk van baie groot dank en waardering is vir wat u in die jare wat u in hierdie hoedanigheid staan, vir hierdie Universiteit beteken het en wat u beteken het vir gans ons Republiek en sy mense op so vele terreine. Die gawes en talente wat u ontvang het, het u ten beste aan hierdie Universiteit gegee; nie alleen sy huidige studente nie, maar sy oudstudente waardeer dit en dit gaan nie ongemerk by ons verby nie, die toewyding en die liefde wat u, getrou bygestaan deur u goeie eggenote, aan hierdie Universiteit gegee het."

Die Rektor het die Eerste Minister bedank en waar-

dering uitgespreek teenoor almal wat bygedra het tot die daarstelling van die Teater en die feestelike inwyding daarvan deur die aanbieding van Faust in Afrikaans. Met verwysing na die besluit van die Universiteitsraad om die Teater na hom te vernoem het hy, met mev. Thom aan sy sy, ten slotte gesê: „Ons het nog altyd met groot vreugde in die diens van die Universiteit van Stellenbosch gewerk. Ek vertrou dat die tyd wat aan ons gegun mag word om nog verder in dié diens te staan, ons dit ewe-eens – en daaroor het ek geen twyfel nie – met dieselfde geesdrif sal doen."

Faust

Die daaropvolgende opvoering van „Faust" in die voortreflike vertaling van Eitemal was ongetwyfeld die belangrikste gebeurtenis in die kultuurlewe van die Republiek gedurende hierdie jaar omdat daar 'n nuwe fase in die toneellewe van ons land met die ingebruikneming van hierdie deftige en in elke opsig volmaak-toegeruste teater begin het. Faust stel die hoogste eise aan regisseur en spelers. Die geslaagde opvoering onder die bekwame regie van prof. Engelen het getoon dat die teater onbeperkte moontlikhede t.o.v. toekomstige opvoerings bied en dat die studente van die dramaskool voortaan hulle opleiding onder ideale omstandighede sal ontvang.

In die pouse het die Duitse Ambassadeur, dr. Junker, die welwillendheid van die Bondsrepubliek op indrukwekkende wyse betuig deur die oorhandiging van 'n 'n keurige borsbeeld van Goethe vir die voorsaal van die teater.



Foto's van bo na onder:

Die sierlike trap lei uit die voorportaal na die deftige galery en onthaallokale. Op die verhoog aan die voet van die trap, wat vir opvoerings in die voorportaal gebruik word, staan die Goethebeeld, 'n geskenk van die Wes-Duitse regering.

Na die amptelike opening van die teater, het die Vise-Kanselier, dr. J. S. Gericke, goue gedenkmedaljes aan die Eerste Minister en die Rektor oorhandig.

Prof. W. J. du P. Erlank, vertaler van Faust in Afrikaans, word deur die Eerste Minister geluk gewens, terwyl mev. Erlank (links) en dr. en mev. Gericke toekyk. Foto's: Terence McNally


GEMAK BEGIN HIER...
Anatomiese snit vir volmaakte pas
Maksimum liggaamsondersteuning
Supersagte gekamde katoen
Ogiestof of ‚Interlock'
Drie ontwerpe om van te kies
PLUS
„Nix" Reknylon-amperbroekies
Veelkleur-katoenbroekies
Wolnit
-ONDERKLERE
VIR GEMAK EN DUURSAAMHEID
ORAL BY VOORAANSTAANDE HANDELAARS

W6039

Nege bekende Suid-Afrikaners vereer

By geleentheid van 'n buitengewone gradedagplegtigheid op 8 Oktober, is ere-doktorsgrade aan nege bekende Suid-Afrikaners toegeken. Die ere-doktorandi is almal waardige verteenwoordigers van ons volk en sy prestasies op materiële en geestelike gebied. Hulle optrede in diens van ons land en volk dek die terreine van die wetenskap, die handel en nywerheid, die mynwese en regswese sowel as die godsdiens, kuns en kultuur. Deur hierdie toekennings betuig die Universiteit aan hulle die waardering van 'n dankbare volk.

Op die foto wat onmiddellik na afloop van die plegtigheid geneem is, verskyn sewe van die ere-graduandi saam met die Kanselier, Sy Edele dr. T. E. Dönges, en die Rektor, prof. H. B. Thom. Die eregrade word tussen hakies aangedui. V.l.n.r.: Dr. A. E. Rupert (D.Comm.) dr. A. J. A. Roux (D.Sc.), dr. J. S. Gericke (D.Th.), dr. P. E. Rousseau (D.Sc.), dr. F. Meyer (D.Ing.), die Kanselier, dr. A. A. von Maltitz (D.Ing.), prof. N. P. van Wyk Louw (D.Litt.), die Rektor. Foto: Johan Stander



Twee van die ere-doktorandi kon weens onvermydelike omstandighede nie teenwoordig wees nie. Adv. D. P. de Villiers (LL.D.) links, was in New York waar hy die Suid-Afrikaanse afvaardiging na die V.V.O. bygestaan het oor die S.W.A.-aangeleentheid, en dr. D. H. Steyn (D.Comm.), regs, was ongesteld. Foto's: Die Burger

Die Kanselier aan die Woord

In 'n besonder treffende boodskap by geleentheid van die buitengewone gradeplegtigheid het die Kanselier, Sy Edele dr. T. E. Dönges, o.a. gesê :

„By ons hartelike gelukwense aan u, geagte Rektor, wil ek baie graag hulde bring aan hulle wat deur die jare heen hul werk as professore en dosente met sulke toewyding en deeglikheid en ook met soveel sukses verrig het. Hulle dienste aan ons Alma Mater, nie alleen vir die ontwikkeling van die intellek, maar ook vir die versterking van die gees van sy studente, kan nooit oorskat word of genoeg erkentlikheid ontvang nie. Stellenbosch is die tweede-oudste inrigting vir hoër onderwys in die land en dit is 'n treffende gedagte dat by hierdie geleentheid ons nie slegs op die vordering van hierdie inrigting oor die laaste eeu kan terugkyk nie, maar ook op die verbasende vordering van hoër onderwys in Suid-Afrika as geheel, en veral gedurende die afgelope 50 jaar.

In dié kort bestek het ons inrigtings vir hoër onderwys gegroei tot 10 stelfstandige universiteite en 5 universiteitskolleges met 'n totale studentetal van ongeveer 64,000!

Dit is dan ook passend dat ons Universiteit by hierdie geleentheid eregrade verleen het ook aan graduandi van sommige ander universiteite wat vandag saam met ons feesvier."

By 'n terugblik op die prestasies van die Universiteit van Stellenbosch, het dr. Dönges die aandag op twee gevare gevestig :

„Die eerste is dat ons in selfvoldaanheid sal versink en ons blind staar op ons prestasies van die verlede. Daar is niks wat so verlammend inwerk op ons droomkrag en daadkrag om ons toekoms te beplan en te skep

as die versoeking om te rus op ons louere nie. As ons aan hierdie versoeking om altyddeur terug te kyk, beswyk, dan loop ons gevaar om 'n versteende intellektuele en geestelike soutpilaar te word.

Die tweede gevaar is ewe groot, naamlik, dat ons sal terugdeins vir nog groter grootheid uit vrees dat ons wat reeds verwerf is, daardeur sal verloor. En as ek van grootheid praat dan bedoel ek nie grootheid in studentetalle of studierigtings nie, maar wel grootheid van gees en van visie, grootheid in dienswilligheid om te leer en te lei en grootheid in liefde vir wat ons eie is – dié grootheid wat so noodsaaklik is as Stellenbosch sy rol as kweekplek van leiers wil vervul. Die bede van Alfred Tennyson :

„Pray God your greatness may not fail
Through craven fears of being great!"

– kan paslik ook ons bede wees waar ons op die drempel van ons tweede eeu staan!"

Wat die toekoms betref, het die kanselier voorts betoog dat Suid-Afrika se krag nie meer in isolement lê nie, maar eerder dat ons, deur ons bes-toegeruste manne, ons boodskap in wyer kring moet uitdra. Die gety is gunstig om Suid-Afrika na sy werklike rol in Afrika te voer. Ons moet nie terugdeins vir die verantwoordelikheid van 'n wyer rol en die kragtige uitlewing en uitdra van ons nasionale credo en lewenswyse na die buiteland nie.

Die Kanselier het afgesluit met dieselfde wens wat hy tot die Universiteit van Stellenbosch gerig het toe die Victoria-Kollege 'n universiteit geword het :

„O, leeft en bloeit – blyf' trouw u werk verrichten,
Elk nieuw geslacht veradel 'n en verlichten."

Die teenwoordigheid van die hoofde van die ander Suid-Afrikaanse universiteite, of hulle verteenwoordigers, het verdere luister aan die buitengewone gradeplegtigheid verleen. Elkeen het namens sy universiteit 'n boodskap van groete en gelukwensing oorgebring

Voor v.l.n.r.: Prof. P. W. G. Groenewoud (Universiteit van die Oranje-Vrystaat), prof. J. P. Duminy (Universiteit Kaapstad), prof. H. B. Thom (Universiteit van Stellenbosch), prof. S. Pauw (Universiteit van Suid-Afrika), prof. I. D. MacCrone (Universiteit van die Witwatersrand).
Agter v.l.n.r.: Prof. A. N. Pelser (Dekaan van die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte en verteenwoordiger van die Universiteit van Pretoria), prof. J. M. Hyslop (Universiteit Rhodes), prof. O. F. P. Horwood (Universiteit van Natal), prof. E. J. Marais (Universiteit van Port Elizabeth) en prof. J. G. Meiring (Universiteitskollege Wes-Kaapland).
Foto: Johan Stander

Die Oud-Maties kom Vier Fees

Gedurende die jaar het etlike duisende oud-Maties Stellenbosch besoek, sommige as afgevaardigdes na kongresse en jaarvergaderings, ander om die konserte of ander funksies by te woon, en menigeen net om die Alma Mater in feesgewaad te sien en deur hulle teenwoordigheid hulle eenheid en verbondenheid met die Universiteit te betuig.

Ook ten opsigte van die oud-Maties was die September-Oktober-vakansie egter die hoogtepunt. Gedurende hierdie tien dae het nagenoeg 2,000 oud-Maties hulle vir 'n korter of langer verblyf in die Eikestad aangemeld. Dit het hulle goed gepas dat hulle die funksies wat die klimaks van die feesvierings uitgemaak het, kon bywoon, maar hulle het nie in die eerste plek gekom om toeskouers te wees nie. Hulle het gekom om in die gees weer student te wees, om die lente op Stellenbosch weer 'n slag te belewe, om te onthou en te gesels en, bo alles, om self deel te hê aan die feesvierings – immers, hulle is nog deel van hulle feesvierende Alma Mater!

En die organiseerders van die Oud-Matie-Saamtrek, 6–8 Oktober, het gesorg dat hulle die geleentheid daartoe kry. Die Feesbal, op Donderdagaand, 6 Oktober was 'n egte feesgeleentheid in die beste Stellenbosse tradisie van waardige vrolikheid. Die Hoenderbraai-funksie op Coetzenburg die Vrydagmiddag en -aand was die heerlikste ontmoet-mekaar-geleentheid denkbaar. Die oudstes onder ons, soos oom Stadion

Die geurige gebraaide hoender kan maar koud word, maar daardie storie moet eers vertel word! Oom Stadion, oudste Stellenbosse oud-Matie, se ogies trek eintlik op skrefies van pure genot! Dis asof hy vir die twee behaarde „jongmanne", oom L. P. Nigrini (links) en oom Jan Neethling (regs) sê: „Ek gaan nie my jeug agter 'n bos spierwit baard verberg nie!" Oom Stadion het van 1898 tot 1902 op Stellenbosch gestudeer, oom Jan Neethling (regs) was eerstejaar in 1902 en mnr. L. P. Nigrini in 1918.

en oom Jan Neethling was daar, die middeljariges het met sigbare trots hulle kinders wat reeds hulle plek op Stellenbosch ingeneem het, sowel as die Matiegeslag van die toekoms, aan mekaar voorgestel.

Die reünie van oom Pietie le Roux se boere-orkeslede en hulle gesinne was 'n verdere uiters geslaagde, selfs aangrypende hoogtepunt. Die Reünie-konsert die Saterdagaand het nie slegs instrumentsnare nie, maar inderdaad hartsnare geroer. Plek moes vir sowat 100 oud-orkeslede op die verhoog ingeruim word; etlike honderde ekstra stoele moes in die stampvol stadsaal ingedra word, en oom Pietie was weer soos van ouds, met sy stokkie op die podium! Dit was 'n reünie duisend wat in die herinneringe van oom Pietie, sy orkeslede, hulle gesinne en die hele Matieland sal voortleef.

Foto's van bo na onder:

'n Deel van die groot Reünie-orkes reageer op elke beweging van hulle gevierde en geliefde dirigent voor 'n geesdriftige gehoor in die stadsaal. Ja, dis prof. Charles Fensham, tweede ry heel links, wat die konsertina so lustig kielie, en die sangeres is natuurlik Mattie Louw (mev. Neethling).

Gedurende die jaar het verskeie koshuise die geleentheid aangegryp om koshuisreünies te hou. Die inwoners en 'n aantal oud-inwoners van Huis de Villiers het die 25ste verjaardag van hulle koshuis op 5 Augustus by wyse van 'n deftige dans in die Stadsaal gevier. Op 25 Junie het die Monicaniete ou vriendskapsbande weer hegter gebind, en van 30 September tot 2 Oktober het die oud-Harmoniete hulle ou koshuis betrek en heerlik fees gevier.
Monica se reünie was gelyktydig ook die koshuis se 40ste verjaardag. Die drie bekende oud-Monicaniete is, v.l.n.r.: Mev. Gericke, eggenote van die Vise-Kanselier, dr. Lamprecht en mev. Ria Thom, eggenote van die Rektor.

Uit al die provinsies en Suidwes-Afrika het die oud-Maties gekom – sommige het meer as 1,000 myl gery – om in die feestelikheid te kom deel. Hierdie drie pare op die Feesbal is, v.l.n.r.: Mej. Isabeau Scholtz (Mosselbaai), mnr. P. Bruwer (Piketberg), mev. en mnr. F. P. du Toit (Kaapstad), mev. en mnr. D. de Swardt (Vredendal). Foto's: Johan Stander

10 Oktober



Foto heel bo :
Vlaghysingseremonie deur die Regiment Universiteit Stellenbosch op die Jan Marais-plein.
Foto bo :
Die Regiment marsjeer verby onder begeleiding van die Vlootorkes. Die Rektor beantwoord die saluut.
Foto regs :
Kranslegging. Foto's: Johan Stander

Eeufeesgaste uit die Buiteland

Die volgende bekende buitelandse geleerdes, 12 van hulle op uitnodiging van die Raad van die Uuiversiteit, het vanjaar Stellenbosch besoek. Hulle het deur hulle optrede by geleentheid van simposia, kongresse of openbare voorlesings, bygedra tot die hoë standaard wat deurgaans gehandhaaf is.

Hulle is :

PROF. GEORG FOHRER van die Universiteit van Erlangen, Duitsland, gesaghebbende op die gebied van die Ou Testament en Semitiese tale.

PROF. VIKTOR E. FRANKL, bekende Neuroloog, hoof van die Departement van die Polikliniekhospitaal, Weenen, Oostenryk.

PROF. J. F. GOODWIN, bekende Kardioloog, verbonde aan die Nagraadse Mediese Skool, Londen.

PROF. C. M. HASSELMANN, Direktor der Dermatologischen und Venerologischen Universitätskliniek, Erlangen, Duitsland.

PROF. E. HOMRIGHAUSEN, Dekaan van die Teologiese Seminarium, Princeton, V.S.A.

DR. K. LACQUA, verbonde aan die Institut für Angewandte Chemie, Dortmund, Wes-Duitsland.

PROF. RICHARD LOGAN, professor in Geografie, Universiteit van Kalifornië, V.S.A.

PROF. WALTER SOETE, Dekaan van die Fakulteit van Toegepaste Wetenskappe, Rijksuniversiteit, Gent, België.

PROF. DIETRICH STARCK, bekende soöloog van die Senckenberg-instituut, Frankfort.

DR. RUTH SMALLEY, Hoof van die Departement Maatskaplike Werk van die Universiteit van Pennsylvania, V.S.A.

MNR. ANDRÉ TURCAT, lugvaartingenieur en hooftoetsloods van Sud-Aviation, Frankryk.

PROF. WALTER LIESE, Direkteur van die Federale Navorsingsinstituut vir die Bos- en Houtbedryf, Hamburg, Wes-Duitsland.

PROF. FRED WHIPPLE, Hoof van die Smithsonian Astrophysical Observatory, Cambridge, V.S.A.

DR. C. B. AMPHLETT, verbonde aan die Atomic Energy Research Establishment, Harwell, Engeland.

DR. A. MALAMAT, van die Hebreeuse Universiteit, Jerusalem.

PROF. J. BRIGHT, van Richmond, V.S.A.

PROF. E. SPERNER, bekende Wiskundige en Prorektor van die Universiteit van Hamburg.

DR. G. TAMMELING, longfisioloog van Groningen, Nederland.

PROF. GEORGE ROWE van die Universiteit van Wisconson, Madison, V.S.A., 'n deskundige op die gebied van kroonaarsirkulasie.

PROF. K. A. C. ELLIOT, van die Departement Biochemie, McGill Universiteit, Montreal.

DR. R. MARSHALL, longfisioloog, Radcliffe Infirmary, Oxford.



Foto's van bo na onder :

Prof. E. G. Homrighausen, dekaan van die Teologiese Seminarium te Princeton, V.S.A., was die eerste buitelandse geleerde wat vanjaar Stellenbosch op uitnodiging van die Universiteit besoek het. Op 7 Maart het hy 'n spesiale openbare voorlesing gehou oor The Church in the World.
Op die foto verskyn prof. Homrighausen (tweede van regs) saam met drie plaaslike oud-studente van Princeton, t.w., v.l.n.r., prof. J. C. G. Kotze (dekaan van die Fakulteit van Teologie), prof. B. B. Keet (emeritus-hoogleraar van die Kweekskool) en dr. J. P. L. Jonker (senior lektor in Sielkunde).

Die voorlaaste buitelandse gas was prof. dr. Walter Soete, Dekaan van die Fakulteit Toegepaste Wetenskappe van die Rijksuniversiteit, Gent, België. Op 20 Oktober het hy 'n spesiale openbare voorlesing gehou oor Nieuwe Inzichten in het Beproeven van Metalen. *Op die foto (links) verskyn v.l.n.r.: Prof. R. Truter, dekaan van die Fakulteit van Ingenieurswese, mev. A. Marien, eggenote van die Belgiese Konsul-Generaal in Suid-Afrika en prof. Soete.*

Prof. en mev. E. Sperner wat hier saam met die Rektor en prof. G. G. Cillié (regs) verskyn, het Stellenbosch in September besoek, en het die groete en gelukwense van die universiteite van Wes-Duitsland aan die Universiteit van Stellenbosch oorgebring.
Prof. Sperner is 'n bekende wiskundige en Prorektor van die Universiteit van Hamburg. Benewens 'n spesiale openbare voorlesing oor „Modern Mathematical Thinking" op 14 September, het hy twee lesings vir die Wiskundestudente gelewer.
Foto's: Johan Stander

Die Eeufeesfonds

By die ter perse gaan van *Matieland* het die bydraes van oud-Maties, ouers van studente, maatskappye en ander vriende van die Universiteit reeds 'n bedrag van R3,750,000 bereik. Daarmee is op tasbare wyse dank en waardering betuig teenoor 'n inrigting wat reeds vir honderd jaar gehelp het om jongmanne en -vroue op te lei, en 'n kragtige bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van ons land in die algemeen. Hierdie bedrag, tesame met ander verdere bydraes, sal die Universiteit in staat stel om in die onmiddellike toekoms in sy belangrikste behoeftes te voorsien en voort te gaan om, selfs in 'n groter mate, diens aan Suid-Afrika te lewer. Die Universiteit wil deur middel van *Matieland* weer eens opregte dank uitspreek teenoor almal wat hulle so onbaatsugtig in belang van die Eeufeesfonds beywer het. Hierdie hulpvaardige vriende het dit vir die Universiteit moontlik gemaak om die uitdaging van ons tyd met krag, vertroue en beslistheid te aanvaar.

Op die onderstaande foto verskyn die personeellede van die Departement van Ontwikkeling wat gedurende die afgelope aantal jare die land deurkruis het om bydraes vir die Eeufeesfonds te verkry.
Voor v.l.n.r.: Mnr. J. E. M. Verwey (Assistent-Direkteur van Ontwikkeling), mnr. P. J. Lombard (Direkteur van Ontwikkeling) en mnr. F. J. Stiglingh (Alumni- en Ontwikkelingsbeampte).
Agter: Mnr. A. J. Esterhuyse (Openbare Inligtingsbeampte) en mnr. J. B. Z. Louw (Administratiewe beampte). Foto: Edrich

Gedenkmedalje

Ter herdenking aan die viering van die 100-jarige bestaan van hoër onderwys op Stellenbosch het die Departement van Ontwikkeling vyf goue en 'n aantal silwer gedenkmedaljes by die S.A. Munt laat slaan. Die medalje is deur mnr. R. Christensen van die Departement Beeldende Kunste ontwerp.

Drie van die goue medaljes is by geleentheid van die inwyding van die H. B. Thom-teater en die Buitengewone Gradedagplegtigheid aan die Eerste Minister, die Kanselier en die Rektor oorhandig.

Hieronder sien u 'n afbeelding van die medalje. 'n Beperkte aantal silwer medaljes is nog verkrygbaar by die Departement van Ontwikkeling teen R5.50 elk
Foto: Alice Mertens



$$G(x,h)=\frac{1}{h^2}\sum f_n\left\{\frac{r_n^{\frac{1}{2}}\sin\alpha}{\lambda_n}\cos\left[\sqrt{\lambda_n}\,(x\right.\right.$$

$$-\frac{r_n^{\frac{1}{2}}\cos\alpha\sin\left[\sqrt{\lambda_n}\,(x-a)\right]}{\lambda_n^{\frac{3}{2}}}\,\mathrm{si}$$

$$+\frac{1}{\lambda_n^{\frac{3}{2}}}\int_a^x\sin\left[\sqrt{\lambda_n}(x-w)\right]\sin^2($$

$$+\frac{1}{4\lambda_n}\int_x^{x+2h}q(w)\,\psi_n(w)\Big[x+2l$$

$$+\frac{1}{4\lambda_n}\int_{x-2h}^{x}q(w)\,\psi_n(w)\Big[x-2$$

Dus volg weens (5) dat

$$G(x,h)=\sum f_n\psi_n(x)\frac{\sin^2 h\sqrt{\lambda_n}}{h^2\lambda_n}$$

$$+\frac{1}{4h^2}\sum\frac{f_n}{\lambda_n}\left\{\int_x^{x+2h}q(w)\,\psi_n(w)\right.$$

$$+\int_{x-2h}^{x}q(w)\,\psi_n(w)\Big[.\,x-2h-w$$

$$=\sum f_n\psi_n\frac{\sin^2 h\sqrt{\lambda_n}}{h^2\lambda_n}+\frac{1}{4h^2}\sum\frac{f_n}{\lambda_n}\left\{\int_x^{x+2}\right.$$

$$\sim\int_{x-2h}^{x}q(w)\,\psi_n(w)\int_{x-2h}^{w}$$

$$=\sum f_n\psi_n\frac{\sin^2 h\sqrt{\lambda_n}}{h^2\lambda_n}+\frac{1}{4h^2}\sum\frac{f_n}{\lambda_n}\left\{\int_x^{x+2h}q(\right.$$

$$-\int_{x-2h}^{x}q(w)\,\psi_n(w)\int_{x-2h}^{w}2\sin^2$$

$$=\sum f_n\psi_n\frac{\sin^2 h\sqrt{\lambda_n}}{h^2\lambda_n}+\frac{1}{2h^2}\sum\frac{f_n}{\lambda_n}\left\{\int_x^{x+2h}\mathrm{d}t\int_x\right.$$

$$-\int_{x-2h}^{x}\mathrm{d}t\int_t^{x}q(w)\,\psi_n(w)\sin^2\Sigma$$

NASIONALE HANDELSDRUKKERY DRUK NIE NET FORMULES NIE

Ons druk prestige-jaarverslae en almanakke; pamflette, plakkate, troukaartjies en Kerskaartjies; spoggerige tydskrifte en skooljaarblaaie; Bybels en boeke in Bantoetale soos Tiv, Ovambo, Herero, Nama, Sjona, Zoeloe en Kôsa.

Dit toon hoe veelsydig ons is en dat ons geensins net op boeke konsentreer nie, want Nasionale Handelsdrukkery se ultramoderne drukperse lewer ook die puikste drukwerk vir handelsdoeleindes. Ons handelsdrukwerk-afdeling is volkome geskei van ons tydskrif- en boekdruk-afdelings.

Sakelui het reeds agtergekom watter uitmuntende handelsdrukwerk ons lewer.

Daarom dat ons nie net gevra word om matesis-formules te druk nie - hoewel Nasionale Handelsdrukkery, terloops, een van die weinige drukkerye in die land is wat matesisformules soos hierdie kân set en druk!

N H D

Wanneer u weer handelsdrukwerk beplan, vra

NASIONALE HANDELSDRUKKERY

om 'n prysopgawe uit te werk.

Verkoopafdeling:-
Groote Kerk-Gebou,
Kaapstad.
Telefoon: 2-2124

Fabriek:-
Zeldastraat,
Elsiesrivier.
Telefoon: 98-3911

VZ&R 1834

Die Studente doen mee

Ten spyte van die normale druk van die „akademie", het die huidige studente verskeie gewaardeerde bydraes tot die feesverrigtings gelewer.

Heel aan die begin van die akademiese jaar het die studente die feesvierings ingelui met 'n besonder geslaagde Eeufeeskarnaval. Die tema was die ontwikkeling van die Universiteit vanaf 1866 tot vandag.

Ons dink ook aan die honderde studente wat in koshuise behulpsaam was om kongresgangers te ontvang en te bedien, aan die verskeidenheid sportprogramme waaraan hulle deelgeneem het; en aan hulle bywoning van konserte en ander funksies wat deel van die feesvierings uitgemaak het.

Die lede van die Universiteitskoor verdien hoë lof vir die opoffering wat hulle moes doen om hier en elders op te tree. Ons is almal opreg spyt dat die Sangfees ten gevolge van die tragiese heengaan van dr. H. F. Verwoerd moes afgelas word. Hulle bydrae is gelukkig vasgelê op 'n langspeelplaat wat aan dr. Verwoerd opgedra is.

Die Bestuur van die Afrikaanse Studentebond het die Universiteit se uitnodiging om hier te vergader aanvaar, hoewel dit nie vanjaar Stellenbosch se beurt was om die Kongres te huisves nie. Die amptelike opening van die kongres op 4 Julie, is waargeneem deur Sy Edele mnr. P. W. Botha, Minister van Verdediging. Kort na die kongres is 'n baie geslaagde jeugleierskursus onder beskerming van die A.S.B. gehou.

Vroeg in die jaar het die studente se Wetenskaplike Vereniging 'n geslaagde simposium oor loopbane in die wetenskap gereël, wat deur sowat 300 matriekleerlinge uit Wes-Kaaplandse hoërskole bygewoon is. Die doel was om aan voornemende studente voorligting te gee oor die aard en inhoud van die verskillende kursusse in die wetenskap wat aangebied word. Op die meegaande foto verduidelik dr. A. C. Esterhuizen, senior lektor in Fisiologie, die gebruik van 'n ingewikkelde apparaat aan belangstellende leerlinge.
Foto: Johan Stander



D



E

F

G



Feestelike Sportgeleenthede

Feesverrigtings op sportgebied het onder meer 'n rugbywedstryd tussen die Markötters en 'n S.A. XV-tal op 2 April, en 'n tweedaagse Eeufeeskrieketwedstryd tussen 'n S.A. uitnodigingspan en 'n Matiespan op 7 en 8 Oktober ingesluit.

Die Universiteit het dit besonder gewaardeer dat die S.A. Rugbyraad die uitnodiging aanvaar het om sy jaarvergadering op Stellenbosch te hou. Dit is die eerste keer in die geskiedenis dat die Rugbyraad buite sy hoofkwartier vergader. Die lede van die Raad was tuis in Wilgenhof, oudste manskoshuis op Stellenbosch, waarvan dr. D. H. Craven, President van die S.A. Rugbyraad, 'n oud-inwoner en tans besoekende professor is.

Op die aand van 1 April het die Rektor die Raad by wyse van 'n dinee onthaal. Die meegaande foto is by dié geleentheid geneem. Hier hou dr. Craven 'n fles wyn wat deur die Rugbyraad van Chili aan hom geskenk is vir gebruik tydens 'n geskikte geleentheid. Die Chileense rooiwyn het ongetwyfeld bygedra tot die feestelike stemming wat geheers het! Links van dr. Craven sit die Rektor en regs prof. P. W. G. Groenewoud, Rektor van die U.O.V.S. en Vise-President van die S.A. Rugbyraad.

Meegaande foto is geneem by geleentheid van 'n dinee waartydens Universiteitsportkleure aan studente toegeken is. V.l.n.r.: Prof. S. J. Pretorius, Registrateur en een van die Ere-Visepresidente van die Rugbyklub, die Rektor, mej. Heida Ellmer, eerste Matie-skermster wat Springbokkleure verwerf het, en prof. D. H. Craven. Foto's: Johan Stander

Universiteitsnuus

Vier Veterane lê die tuig neer

PROFESSOR S. J. PRETORIUS

Geruime tyd gelede het die Registrateur, prof S. J. Pretorius, meegedeel dat hy aan die einde van 1966 die tuig gaan neerlê. Baie van ons wat naby hom gestaan en gewerk het, het hom probeer beweeg om van hierdie besluit af te sien en nog 'n paar jaar langer as Registrateur voort te gaan, dog – soos kenmerkend van hom is – het hy die saak reeds met homself uitgemaak en, ofskoon hy waardering gehad het vir die versoeke dat hy langer moes aanbly, het hy nie toegegee nie. So kom dit dat ons nou van hom moet afskeid neem.

Om afskeid te neem van iemand wat jy baie goed leer ken het, met wie jy lank saamgewerk het en op wie jy te alle tye kan reken, is nie 'n maklike saak nie. Soos ons S.J. Pretorius geken het toe hy jong student op Stellenbosch was, só is hy vandag nog. Harde, toegewyde werker, vlug, briljant van gees, opofferend, lojaal teenoor sy vriende – só was hy in 1923, só was hy in die jare wat gevolg het, en só is hy nog in 1966. Dit hoef ons nie te verwonder nie dat hy as student 'n skitterende loopbaan gehad het, dat hy as professor gerespekteer en bewonder is, en dat hy as Registrateur van die Universiteit gewaardeer en ten volle vertrou is.

Niemand weet beter as ek nie watter geweldige verlies die Universiteit deur die aftrede van prof. Pretoruis ly. Dit was my gegun om baie jare intiem met hom saam te werk. Saam het ons te doen gehad met min of meer roetinesake van die Universiteit, dan met uiters moeilike probleme wat die hoogste belange van die Universiteit raak, en dan weer met probleme wat nie net Stellenbosch raak nie, maar ook al die ander universiteite van ons land. Deur dit alles heen het dit my telkens getref met watter kalmte, beheersing en helderheid van gees hy opgetree het. My samewerking met hom het ek steeds op prys gestel, ek het daaruit ook baie geleer, en dit sal vir my altyd van die mooiste herinneringe in my lewe bly. Met die wyse waarop hy sy taak verrig het, het hy 'n ware voorbeeld gestel vir diegene wat onder hom gewerk het, en inderdaad ook vir diegene wat geroepe is om ná sy uittrede sy werk voort te sit.

Ons wens hom en mev. Pretorius en hulle gesin alles van die beste vir die toekoms toe. Ons bede is dat hy in die jare wat voorlê, geluk en goeie gesondheid mag geniet. Ons vertrou dat hy ook nog steeds nuttige, vrugbare arbeid sal verrig, en ons weet ook dat hy dit sal doen. Want stilsit en stoepsit lê nie in die aard van Fanie Pretorius nie.

DIE REKTOR

Prof. S. J. Pretorius





Prof. W. J. du P. Erlank

Prof. F. R. Truter

PROF. W. J. DU P. ERLANK

Aan die einde van die jaar tree prof. dr. Willem Jacobus du Plooy Erlank (gebore 22 Junie 1901, distrik Wolmaransstad) af as hoogleraar in die Nederlandse Letterkunde. Toe hy in 1950 prof. E. C. Pienaar opgevolg het, was hy reeds landswyd bekend as volksredenaar, as medestigter van die F.A.K., van die Voortrekkerbeweging, die Handhawersbond, Spoorbond, die A.T.K.V., die Mynwerkersbond, die Skrywerskring, e.d.m.

Hy het in 1920 sy B.A. behaal aan die Transvaal University College, was onderwyser te Wolmaransstad (1921–1928) en Helpmekaar Hoërskool, Johannesburg (1929–1935), waar hy aan die Universiteit van die Witwatersrand sy B.A.-Honneurs aflê. Vanaf 1936 tot 1938 studeer hy vir sy doktorale eksamen in die Nederlandse letterkunde en die kunsgeskiedenis in Amsterdam en promoveer aan die Universiteit van Pretoria in 1939 op die proefskrif : *De Mens in de Naoorlogse Poëzie van Nederland*. Daarna is hy tot 1949 dosent aan die Normaalkollege, Pretoria.

Van hom het verskyn 'n kinderverhaal *Stafie en Santie in Kabouterland* (1927), twee digbundels: *Weerklankies* (1928) en *Phaeton en ander Gedigte* (1931), twee dramas: *En Hadde de Liefde Niet* (1935) en *So Praat die Ou Rivier* (1956), 'n novelle *Jaffie* (1953) en 'n bundel kortverhale *Skaduwees teen die Muur* (1958); verskeie vertalings, o.m. *Macbeth* (1965) waarvoor hy die Akademieprys ontvang het en *Faust* (1966). Hy het ook meegewerk aan die *F.A.K.-Volksangbundel*.

As dosent het prof. Erlank die kunswerk teen 'n wyer agtergrond gesien, as 'n kultuurverskynsel, en detailkritiek is dan telkens in ruimer perspektief geplaas. Studente het altyd in hom 'n genaakbare, sjarmante professor gevind en sy kollegas 'n verstrooide, blymoedige samewerker. Ons verstaan hy wil hom toenemend op vertalings uit die wêreldletterkunde in Afrikaans toelê. Ons wens hom van harte 'n vrugbare rustyd toe.

D. J. OPPERMAN

PROF. R. TRUTER

Prof. R. Truter tree aan die einde van die jaar na 17 jaar as hoogleraar in Siviele Ingenieurswese, met pensioen uit die diens van die Universiteit.

Prof. Truter het sy opleiding (B.A. (Matesis) en B.Sc. Ingenieurswese) aan die Universiteit van Kaapstad ontvang. Daarna het hy hom verder as ingenieur bekwaam aan die Institute for Civil Engineering in Londen en aan die Instituut vir Ingenieurswese in Den Haag.

Vanaf 1924 was prof. Truter agtereenvolgens in

diens van die Munisipaliteit van Kaapstad, die Departement van Werke, S.W.A., die Nasionale Padraad en die Kaapse Provinsiale Administrasie, totdat hy op 1 Februarie 1949, as Professor in Siviele Ingenieurswese op Stellenbosch aangestel is. Gedurende sy dienstermyn het die Departement van Siviele Ingenieurswese sterk groei getoon. Die akademiese personeel is uitgebrei van drie tot sewe; die studentetal het geleidelik aangegroei; die inhoud en omvang van die kursus het uitgebrei, o.a. deur die onlangse toevoeging van Verkeersweë as volwaardige vak – hoewel die verkeersmense die professor nooit meer vryheid op die verkeersweë wou gun nie!

Prof. Truter het hom besonder geïnteresseer vir Waterboukunde. Hy het verskeie internasionale kongresse oor die onderwerp bygewoon en die modelondersoek van die Bergriviermond, wat in die Departement onder sy leiding onderneem is, het waardevolle resultate opgelewer wat vandag, tot groot voordeel van die visbedryf, in die praktyk toegepas word. Hy het op verskeie Universiteits- en Regeringskomitees gedien en was jarelank lid van die kommissie insake die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne.

Prof. Truter sal onthou word as kampvegter vir die vyfjarige ingenieurskursus en vir die bevordering van Afrikaans in die ingenieursbedryf. Die personeel sal hom ook onthou as bekwame voorsitter van Fakulteitsraadsvergaderings wat lang agendas in rekordtyd kon afhandel. En sy filosofie, nl. „die periodeklok is vir die mens (bloot 'n waarskuwing) en nie die mens vir die klok nie", sal sy studente tot in lengte van dae bybly.

SY KOLLEGAS

MNR. J. L. BADENHORST

Mnr. Jan Louis Badenhorst, hoof van die Departement Kunsvlyt in die Fakulteit van Opvoedkunde, tree op 31 Desember vanjaar met pensioen af.

Die duisende onderwysers en onderwyseresse wat gedurende die afgelope drie dekades aan die Fakulteit van Opvoedkunde opgelei is, sal mnr. Badenhorst onthou vanweë die voortreflike voorbeeld wat hy gestel het as toegewyde leermeester en baas-vakman wie se werk oorheers is deur 'n ideaal van presiesheid en deeglikheid. Veral arbeidsterapeute en onderwysers vir spesiale klasse sal tot in lengte van dae met dankbare erkentlikheid terugdink aan die karakter-bouende skoling in werkmanskap wat hulle onder sy leiding geniet het.

Ons neem afskeid van mnr. Badenhorst met innige waardering vir die bydrae wat hy gelewer het tot die groei van die Fakulteit van Opvoedkunde en met heilwense vir die uitspantyd wat vir hom voorlê.

J. F. A. SWARTZ

Ons eer sy nagedagtenis

Duisende oud-Maties dwarsdeur ons land het met leedwese kennis geneem van die heengaan van prof. J. T. Potgieter op Sondag, 18 September 1966. Hy was 29 jaar lank hoogleraar in Insektekunde aan die Fakulteit van Landbou, en een van die voorste insektekundiges van Suid-Afrika.

Johannes Theodorus Potgieter was 'n Vrystater van geboorte. Hy het die grade B.Sc. en M.Sc. (Soölogie) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal, en die doktorsgraad aan die Universiteit van Ohio, V.S.A., met 'n verhandeling oor die klassifikasie van Suid-Afrikaanse plantluise – 'n studie waarmee hy volgehou het, selfs nadat hy afgetree het. Nadat hy etlike jare in diens van die Departement van Landbou was, is hy in Desember 1927 as senior lektor in Insektekunde op Stellenbosch aangestel, en in Junie 1929 is hy bevorder tot hoogleraar in Insektekunde.

As dosent het prof. Potgieter die Departement van Insektekunde opgebou tot 'n moderne navorsings- en doseereenheid. As navorser het hy hom toegespits op die studie van insekte wat die mens ten goede of ten kwade beïnvloed. Benewens die studie van plantluise, het hy waardevolle bydraes gelewer tot die kennis en bestryding van die bruin swermsprinkaan, die sandveldgraanwurm, koringluis en skaapbrommers. In 1955 was hy een van die drie Suid-Afrikaanse afgevaardigdes na die vyfjaarlikse landboukongres van die Statebondslande in Londen.

Prof. Potgieter het aan die einde van 1958 met pensioen uit die diens van die Universiteit getree. Die afgelope vier jaar het hy op Stilbaai gewoon. Matieland betuig hiermee opregte meegevoel met mev. Potgieter en haar kinders.

Wyle Prof. J. T. Potgieter

Aanstellings

PROFESSOR IN SKAAPTEELT EN WOLKUNDE

Dr. J. G. Snijman, is met ingang 1 Januarie 1966 bevorder tot hoogleraar in Skaapteelt en Wolkunde.

Dr. Snijman het die graad B.Sc. in Landbou asook die nagraadse diploma in Skape en Wol aan die Universiteit van Pretoria verwerf. In 1960 en 1965 onderskeidelik behaal hy die grade M.Sc. in Landbou (cum laude) en D.Sc. in Landbou aan die Universiteit van Stellenbosch. Van 1952 tot 1964 toe hy as senior lektor in Skaapteelt en Wolkunde alhier aangestel is, was hy agtereenvolgens verbonde aan die personeel van die Grootfonteinse Landbou-kollege en die Suid-Afrikaanse Woltekstiel-Navorsingsinstituut van die W.N.N.R. Gedurende hierdie tyd het dr. Snijman belangrike navorsingswerk oor 'n verskeidenheid wolaspekte gedoen. In Julie 1965 het hy, op uitnodiging, die Wêreldwolkonferensie in Europa bygewoon en daarna die vernaamste wolnavorsingslaboratoriums in Europa, Engeland, Australië en Nieu-Seeland besoek.

HOOGLERAAR IN AFRIKA-STUDIE

Dr. J. P. Jansen is met ingang 1 Januarie 1967 bevorder tot professor in Afrika-Studie.

Dr. Jansen het die grade B.A., en D.Phil. aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en die graad M.A. Cum Laude, aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf.

Nadat dr. Jansen sewe jaar lank in die onderwys gestaan het, was hy anderhalfjaar Hoof-Navorsingsbeampte in diens van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne. Vanaf Januarie 1956 tot Junie 1959 was hy dosent in Geografie aan die Militêre Akademie van die Universiteit van Stellenbosch en daarna senior lektor in dieselfde vak aan genoemde Universiteit. Sedert Januarie 1965 is hy senior lektor in Afrika-Studie en Hoof van dié Departement.

Gedurende 1961 het dr. Jansen 'n studiereis deur Afrika en die V.S.A. onderneem en was vir een semester voltydse dosent oor Afrika-aangeleenthede aan die Western College, Oxford, Ohio.

Dr. Jansen het reeds 'n groot aantal vakpublikasies in o.a. die *Journal for Geography* en die *Tydskrif vir Aardrykskunde* laat verskyn. Hy is ook medewerker in verband met die *Kinderensiklopedie,* skoolhandboeke vir Aardrykskunde en radioprogramme. Verder is hy lid van verskeie liggame en verenigings, soos o.a. die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, die S.A. Aardrykskundige Genootskap en die Raad van die Afrika-Instituut.

Prof. J. G. Snijman

Dr. J. P. Jansen



HOOGLERAAR IN TOEGEPASTE EKONOMIE

Die Universiteit het besluit om die pos van Hoofekonoom in die Buro vir Ekonomiese Ondersoek met ingang 1 April 1967 te omskep in 'n professoraat in Toegepaste Ekonomie, en om *dr. G. J. Hupkes* in hierdie pos te bevorder.

Dr. Hupkes het die grade B.Comm. (Regte), M.Comm. en D.Comm. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. In 1955 is hy aangestel as ekonoom/statistikus by Rembrandt-Tabakvervaardigingskorporasie, Paarl. In April 1957 tree hy in diens van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die Universiteit as navorsingsbeampte. Gedurende 1959–1960 was hy werksaam in die Afdeling Ekonomiese Vooruitskatting van die Ifo Institut für Wirtschaftsforschung, München. In Januarie 1961 is hy aangestel as Hoofekonoom by die Buro vir Ekonomiese Ondersoek, 'n betrekking wat hy tans nog beklee.

Dr. Hupkes het reeds drie reise na Europa onderneem om 'n studie te maak van die metodes wat deur oorsese navorsingsinstellings toegepas word om ekonomiese toestande te probeer vooruitskat. Verskeie publikasies en artikels het uit sy pen verskyn, terwyl die Buro vir Ekonomiese Ondersoek onder sy leiding, en in samewerking met ander persone, 'n indrukwekkende aantal publikasies die lig laat sien het. Dr. Hupkes het ook reeds in twee Regeringskomitees gedien, t.w. 'n komitee wat die vraag na verskillende houtsoorte in Suid-Afrika oor 'n tydperk van veertig jaar moes vooruitskat, en 'n komitee vir die ekonomiese ontwikkeling van Wes-Kaapland.

Dr. G. J. Hupkes



OU-MATIES PRESTEER IN DIE BUITELAND

Dr. Vincent Brummer, senior lektor in Wysbegeerte aan die Universiteit van Suid-Afrika, is aangestel as hoogleraar in Godsdienswysbegeerte aan die Teologiese Fakulteit van die Rijksuniversiteit, Utrecht.

Dr. Brummer is in 1932 in Stellenbosch gebore, en het ook sy skool- en universiteitsopleiding hier geniet. Hy behaal in 1953 die B.A.-graad en in 1957 sy M.A. (met lof) in Wysbegeerte. Intussen het hy ook die kursus aan die Teologiese Kweekskool deurloop. In 1958 verwerf hy die graad Th.M. in Godsdienswysbegeerte aan die Universiteit Harvard (V.S.A.). Vanaf 1959 het hy sy studies aan die Rijksuniversiteit in Utrecht voortgesit en promoveer in 1961, met lof, tot doktor in die Teologie.

Na verdere studie aan die Universiteit Oxford, word hy in 1962 aangestel as lektor in Wysbegeerte aan die Universiteit van Natal. Sedert 1964 is hy senior lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Dr. Brummer is 'n seun van wyle prof. N. J. Brummer, jare lank professor in Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch, en kleinseun van wyle prof. J. I. Marais van die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch, wat ook die eerste kanselier aan die Universiteit was.

In die Maart 1966 uitgawe van News in Engineering verskyn 'n uiteensetting van 'n vervoernavorsingsentrum wat binnekort by die Ohio State University ontwikkel gaan word. Die 20 miljoen dollar-projek is ontwerp deur *dr. Johannes F. Schwär,* wat die B.Sc.-graad in Siviele Ingenieurswese in 1949 hier verwerf het. In 1952 is Schwär met 'n beurs van die International Road Federation na die V.S.A. om vervoeringenieurswese aan die Universiteit van Yale te bestudeer. In 1958 is hy terug na die V.S.A. en het die M.Ing.-graad in 1959, en die Ph.D.-graad in Ingenieurswese in 1961 aan die Northwestern University verwerf.

Dr. Schwär is tans assistent-professor in Siviele Ingenieurswese en direkteur van die Ohio State University's Transportation Engineering Center.

DR. BUN BOOYENS IN VOLKSKUNDEPOS

Dr. Bun Booyens, senior lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, is deur die Universiteitsraad aangestel as senior lektor in Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde (A.T.K.V.-Leerstoel). Hierdie belangrike nuwe studierigting sal vanaf die begin van die akademiese jaar 1967 aan die Universiteit aangebied word, en die instelling daarvan het moontlik geword deur 'n ruime skenking van R100,000, wat die A.T.K.V. (S.A.S. & H.) aan Stellenbosch gemaak het.

Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde sal op een-, twee- en driejaarbasis as volwaardige B.A.-vak, en daarna ook as nagraadse studierigting, gevolg kan word. Dit is die eerste keer dat op so 'n volledige wyse aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit vir hierdie studierigting voorsiening gemaak word.

Dr. Booyens het aan die begin van Oktober op 'n studiereis na Europa vertrek, waar hy hom veral in Duitsland, Holland en België op die hoogte sal stel van wat aan universiteite en institute aldaar op volkskundige gebied gedoen word.

TWEE REGISTRATEURS

Mnr. R. P. Conradie, M.A., M.Ed., Persoonlike Assistent van die Rektor en Redakteur van Matieland sedert 1 Julie 1962 (links) en mnr. T. G. D. van Schalkwyk, B.Comm., Hoofrekenmeester en Finansamptenaar van die Universiteit sedert 1 Julie 1950, is met ingang 1 Januarie 1967 aangestel as Registrateur (Akademies) en Registrateur (Finansieel) onderskeidelik.

Mnr. R. P. Conradie

Mnr. T. G. D. van Schalkwyk

HOOGLERAAR IN TOEGEPASTE EKONOMIE

Die Universiteit het besluit om die pos van Hoofekonoom in die Buro vir Ekonomiese Ondersoek met ingang 1 April 1967 te omskep in 'n professoraat in Toegepaste Ekonomie, en om *dr. G. J. Hupkes* in hierdie pos te bevorder.

Dr. Hupkes het die grade B.Comm. (Regte), M.Comm. en D.Comm. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. In 1955 is hy aangestel as ekonoom/statistikus by Rembrandt-Tabakvervaardigingskorporasie, Paarl. In April 1957 tree hy in diens van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die Universiteit as navorsingsbeampte. Gedurende 1959–1960 was hy werksaam in die Afdeling Ekonomiese Vooruitskatting van die Ifo Institut für Wirtschaftsforschung, München. In Januarie 1961 is hy aangestel as Hoofekonoom by die Buro vir Ekonomiese Ondersoek, 'n betrekking wat hy tans nog beklee.

Dr. Hupkes het reeds drie reise na Europa onderneem om 'n studie te maak van die metodes wat deur oorsese navorsingsinstellings toegepas word om ekonomiese toestande te probeer vooruitskat. Verskeie publikasies en artikels het uit sy pen verskyn, terwyl die Buro vir Ekonomiese Ondersoek onder sy leiding, en in samewerking met ander persone, 'n indrukwekkende aantal publikasies die lig laat sien het. Dr. Hupkes het ook reeds in twee Regeringskomitees gedien, t.w. 'n komitee wat die vraag na verskillende houtsoorte in Suid-Afrika oor 'n tydperk van veertig jaar moes vooruitskat, en 'n komitee vir die ekonomiese ontwikkeling van Wes-Kaapland.

Dr. G. J. Hupkes



OU-MATIES PRESTEER IN DIE BUITELAND

Dr. Vincent Brummer, senior lektor in Wysbegeerte aan die Universiteit van Suid-Afrika, is aangestel as hoogleraar in Godsdienswysbegeerte aan die Teologiese Fakulteit van die Rijksuniversiteit, Utrecht.

Dr. Brummer is in 1932 in Stellenbosch gebore, en het ook sy skool- en universiteitsopleiding hier geniet. Hy behaal in 1953 die B.A.-graad en in 1957 sy M.A. (met lof) in Wysbegeerte. Intussen het hy ook die kursus aan die Teologiese Kweekskool deurloop. In 1958 verwerf hy die graad Th.M. in Godsdienswysbegeerte aan die Universiteit Harvard (V.S.A.). Vanaf 1959 het hy sy studies aan die Rijksuniversiteit in Utrecht voortgesit en promoveer in 1961, met lof, tot doktor in die Teologie.

Na verdere studie aan die Universiteit Oxford, word hy in 1962 aangestel as lektor in Wysbegeerte aan die Universiteit van Natal. Sedert 1964 is hy senior lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Dr. Brummer is 'n seun van wyle prof. N. J. Brummer, jare lank professor in Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch, en kleinseun van wyle prof. J. I. Marais van die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch, wat ook die eerste kanselier aan die Universiteit was.

In die Maart 1966 uitgawe van News in Engineering verskyn 'n uiteensetting van 'n vervoernavorsingsentrum wat binnekort by die Ohio State University ontwikkel gaan word. Die 20 miljoen dollar-projek is ontwerp deur *dr. Johannes F. Schwär,* wat die B.Sc.-graad in Siviele Ingenieurswese in 1949 hier verwerf het. In 1952 is Schwär met 'n beurs van die International Road Federation na die V.S.A. om vervoeringenieurswese aan die Universiteit van Yale te bestudeer. In 1958 is hy terug na die V.S.A. en het die M.Ing.-graad in 1959, en die Ph.D.-graad in Ingenieurswese in 1961 aan die Northwestern University verwerf.

Dr. Schwär is tans assistent-professor in Siviele Ingenieurswese en direkteur van die Ohio State University's Transportation Engineering Center.

WOORDEBOEK-MAN WORD HOOGLERAAR

Dr. F. F. Odendal, Assistent-Hoofredakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, is met ingang 1 Julie vanjaar aangestel as hoogleraar in Afr./Ndl. aan die Universiteitskollege Wes-Kaapland.

Dr. Odendal het die grade B.A. (cum laude), S.O.D. en M.A. in Afrikaans/Nederlands (cum laude) in 1946, 1947 en 1950 onderskeidelik aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Gedurende 1952–1953 het hy 'n jaar lank navorsing gedoen in die Nederlandse, Germaanse en Algemene Taalwetenskap aan die Rijks-universiteit te Utrecht. Tot Augustus 1956, toe hy as mede-redakteur by die Woordeboek van die Afrikaanse Taal aangestel is, was dr. Odendal werksaam by die Vertaalburo van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns te Pretoria.

In 1957 behaal dr. Odendal die graad D.Litt. in Afrikaans/Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch op die proefskrif „Die Struktuur van die Afrikaanse Wortelmorfeen", en in 1962 word hy bevorder tot Assistent-Hoofredakteur van die W.A.T.

Dr. Odendal is lid van die Taalkommissie van die S.A. Akademie sedert 1962 en sekretaris en lid van die Dagbestuur sedert 1964, volle lid van die S.A. Akademie en lid van die Fakulteitsraad vir Kuns en Geesteswetenskappe van die Akademie sedert 1963. Dr. Odendal was ook drie jaar sekretaris en is sedert 1964 onder-voorsitter van die Bestuur van die Kaaplandse Werkgemeenskap van die S.A. Akademie.

NUWE REDAKTEUR VAN „MATIELAND"

Mnr. J. J. Oosthuysen, tans Hoof van die Hoërskool Swellendam, is met ingang 1 Januarie 1967 aangestel as Persoonlike Assistent van die Rektor, prof. H. B. Thom, en as Redakteur van *Matieland*. Hy volg mnr. R. P. Conradie op wat tot Registrateur (Akademies) aan die Universiteit bevorder is. Mnr. Oosthuysen is 'n bekende in kultuurkringe en ook mede-outeur van 'n skoolhandboek oor Aardrykskunde vir Seniorsertifikaatleerlinge.

Ons verwelkom mnr. Oosthuysen terug op Stellenbosch en wens hom alle sukses toe in die nuwe werk.

Dr. F. F. Odendal

Mnr. J. J. Oosthuysen

Nuwe Kursusse

Die Universiteitsraad het besluit om die volgende nuwe kursusse in die Fakulteit van Handel en Administrasie van die Universiteit in te stel :

TWEEJARIGE DIPLOMAKURSUS IN BESTUUR EN ADMINISTRASIE

Die inhoud van die kursus sowel as die eksamenbepalings vir die Diploma in Bestuur en Administrasie sal dieselfde wees soos dié vir die M.B.A.-graad. Tot die kursus sal studente toegelaat word wat 'n opleidingspeil bereik het wat na die oordeel van die Senaat toereikend is, met dien verstande dat hulle in besit moet wees van ten minste die Skooleindsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of van 'n Senior Sertifikaat van een van die Departemente van Onderwys. Verder word vereis dat voornemende studente praktiese ervaring in bestuur en administrasie opgedoen het wat na die oordeel van die Senaat 'n voldoende voorbereiding vir die kursus vorm.

KURSUS IN PUBLIEKE ADMINISTRASIE

Hierdie tweejarige kursus sal lei tot die verwerwing van òf die graad Magister in Publieke Administrasie (M.P.A.), òf die Diploma in Publieke Administrasie (Dipl. P.A.).

Ter verwerwing van die M.P.A. moet 'n student 'n goedgekeurde leergang van gevorderde studie vir ten minste twee jaar ná behaling van 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad, of ná bereiking van 'n goedgekeurde standaard van bekwaamheid, gevolg het en in die voorgeskrewe eksamens geslaag het.

Tot die Diploma in Publieke Administrasie sal toegelaat word studente wat 'n opleidingspeil bereik het wat na die oordeel van die Senaat toereikend is, met dien verstande dat hulle in besit moet wees van ten minste die Skooleindsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of van 'n Senior Sertifikaat van een van die Departemente van Onderwys, en verder ook voldoende praktiese ervaring in openbare administrasie opgedoen het.

NUWE STUDIERIGTING VIR DIE B.SC.-KURSUS IN LANDBOU

'n Addisionele kursus met Dierefisiologie as hoofstudierigting vir die B.Sc.-kursus in Landbou is ingestel. Die benaming van die bestaande Departement Veeartsenykunde is ook verander na Departement van Dierefisiologie en Veeartsenykunde.

NUWE STUDIERIGTING VIR DIE B.SC.-KURSUS IN BOSBOU

Met ingang 1967 sal daar in die bestaande vierjarige B.Sc.-graadkursus in Bosbou, naas die rigtings Boskunde en Houtkunde, ook voorsiening gemaak word vir die rigting Boskunde-Natuurbewaring.

KURSUS IN VERKOELING EN LUGREËLING

Die Universiteitsraad het besluit om 'n vyfjarige kursus, wat sal lei tot die grade B.Sc., B.Ing. in Werktuigkundige Ingenieurswese, met Verkoeling en Lugreëling as hoofstudierigting, met ingang 1967 in te stel. Die instelling van hierdie kursus is moontlik gemaak deur die samewerking en finansiële steun van die S.A. Instituut vir Verkoeling en Lugbehandeling.

NAGRAADSE KURSUS IN FARMAKOLOGIE

Die Universiteitsraad het besluit om met ingang 1967 in die Fakulteit van Natuurwetenskappe 'n nagraadse kursus in Farmakologie in te stel, wat sal lei tot die verwerwing van die Hons.-B.Sc.- en die M.Sc.-graad, met Farmakologie as hoofstudierigting. Die Hons.-B.Sc.-kursus in Farmakologie sal oor 'n tydperk van minstens een jaar strek in die geval van voltydse studente, en oor 'n aaneenlopende tydperk van minstens twee jaar in die geval van deeltydse studente. Deeltydse studente moet òf in 'n navorsingseenheid òf as ad hoc-navorsingsassistente voltyds in die Departement Farmakologie werksaam wees.

WOORDEBOEK-MAN WORD HOOGLERAAR

Dr. F. F. Odendal, Assistent-Hoofredakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, is met ingang 1 Julie vanjaar aangestel as hoogleraar in Afr./Ndl. aan die Universiteitskollege Wes-Kaapland.

Dr. Odendal het die grade B.A. (cum laude), S.O.D. en M.A. in Afrikaans/Nederlands (cum laude) in 1946, 1947 en 1950 onderskeidelik aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Gedurende 1952–1953 het hy 'n jaar lank navorsing gedoen in die Nederlandse, Germaanse en Algemene Taalwetenskap aan die Rijks-universiteit te Utrecht. Tot Augustus 1956, toe hy as mede-redakteur by die Woordeboek van die Afrikaanse Taal aangestel is, was dr. Odendal werksaam by die Vertaalburo van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns te Pretoria.

In 1957 behaal dr. Odendal die graad D.Litt. in Afrikaans/Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch op die proefskrif „Die Struktuur van die Afrikaanse Wortelmorfeen", en in 1962 word hy bevorder tot Assistent-Hoofredakteur van die W.A.T.

Dr. Odendal is lid van die Taalkommissie van die S.A. Akademie sedert 1962 en sekretaris en lid van die Dagbestuur sedert 1964, volle lid van die S.A. Akademie en lid van die Fakulteitsraad vir Kuns en Geesteswetenskappe van die Akademie sedert 1963. Dr. Odendal was ook drie jaar sekretaris en is sedert 1964 onder-voorsitter van die Bestuur van die Kaaplandse Werkgemeenskap van die S.A. Akademie.

Dr. F. F. Odendal

NUWE REDAKTEUR VAN „MATIELAND"

Mnr. J. J. Oosthuysen, tans Hoof van die Hoërskool Swellendam, is met ingang 1 Januarie 1967 aangestel as Persoonlike Assistent van die Rektor, prof. H. B. Thom, en as Redakteur van *Matieland*. Hy volg mnr. R. P. Conradie op wat tot Registrateur (Akademies) aan die Universiteit bevorder is. Mnr. Oosthuysen is 'n bekende in kultuurkringe en ook mede-outeur van 'n skoolhandboek oor Aardrykskunde vir Seniorsertifikaatleerlinge.

Ons verwelkom mnr. Oosthuysen terug op Stellenbosch en wens hom alle sukses toe in die nuwe werk.

Mnr. J. J. Oosthuysen

Nuwe Kursusse

Die Universiteitsraad het besluit om die volgende nuwe kursusse in die Fakulteit van Handel en Administrasie van die Universiteit in te stel :

TWEEJARIGE DIPLOMAKURSUS IN BESTUUR EN ADMINISTRASIE

Die inhoud van die kursus sowel as die eksamenbepalings vir die Diploma in Bestuur en Administrasie sal dieselfde wees soos dié vir die M.B.A.-graad. Tot die kursus sal studente toegelaat word wat 'n opleidingspeil bereik het wat na die oordeel van die Senaat toereikend is, met dien verstande dat hulle in besit moet wees van ten minste die Skooleindsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of van 'n Senior Sertifikaat van een van die Departemente van Onderwys. Verder word vereis dat voornemende studente praktiese ervaring in bestuur en administrasie opgedoen het wat na die oordeel van die Senaat 'n voldoende voorbereiding vir die kursus vorm.

KURSUS IN PUBLIEKE ADMINISTRASIE

Hierdie tweejarige kursus sal lei tot die verwerwing van òf die graad Magister in Publieke Administrasie (M.P.A.), òf die Diploma in Publieke Administrasie (Dipl. P.A.).

Ter verwerwing van die M.P.A. moet 'n student 'n goedgekeurde leergang van gevorderde studie vir ten minste twee jaar ná behaling van 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad, of ná bereiking van 'n goedgekeurde standaard van bekwaamheid, gevolg het en in die voorgeskrewe eksamens geslaag het.

Tot die Diploma in Publieke Administrasie sal toegelaat word studente wat 'n opleidingspeil bereik het wat na die oordeel van die Senaat toereikend is, met dien verstande dat hulle in besit moet wees van ten minste die Skooleindsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of van 'n Senior Sertifikaat van een van die Departemente van Onderwys, en verder ook voldoende praktiese ervaring in openbare administrasie opgedoen het.

NUWE STUDIERIGTING VIR DIE B.SC.-KURSUS IN LANDBOU

'n Addisionele kursus met Dierefisiologie as hoofstudierigting vir die B.Sc.-kursus in Landbou is ingestel. Die benaming van die bestaande Departement Veeartsenykunde is ook verander na Departement van Dierefisiologie en Veeartsenykunde.

NUWE STUDIERIGTING VIR DIE B.SC.-KURSUS IN BOSBOU

Met ingang 1967 sal daar in die bestaande vierjarige B.Sc.-graadkursus in Bosbou, naas die rigtings Boskunde en Houtkunde, ook voorsiening gemaak word vir die rigting Boskunde-Natuurbewaring.

KURSUS IN VERKOELING EN LUGREËLING

Die Universiteitsraad het besluit om 'n vyfjarige kursus, wat sal lei tot die grade B.Sc., B.Ing. in Werktuigkundige Ingenieurswese, met Verkoeling en Lugreëling as hoofstudierigting, met ingang 1967 in te stel. Die instelling van hierdie kursus is moontlik gemaak deur die samewerking en finansiële steun van die S.A. Instituut vir Verkoeling en Lugbehandeling.

NAGRAADSE KURSUS IN FARMAKOLOGIE

Die Universiteitsraad het besluit om met ingang 1967 in die Fakulteit van Natuurwetenskappe 'n nagraadse kursus in Farmakologie in te stel, wat sal lei tot die verwerwing van die Hons.-B.Sc.- en die M.Sc.-graad, met Farmakologie as hoofstudierigting. Die Hons.-B.Sc.-kursus in Farmakologie sal oor 'n tydperk van minstens een jaar strek in die geval van voltydse studente, en oor 'n aaneenlopende tydperk van minstens twee jaar in die geval van deeltydse studente. Deeltydse studente moet òf in 'n navorsingseenheid òf as ad hoc-navorsingsassistente voltyds in die Departement Farmakologie werksaam wees.

Hoeveel sal dit u kos

om môre al u besittings te vervang?



R1,000?
R2,000?
R5,000?
R10,000?

Gaan sit maar vanaand as u 'n kansie het en probeer vasstel wat dit gekos het om al u besittings bymekaar te maak.
En diefstal, brand of stormskade kan u môre van alles beroof.

HOE MIN SAL DIT U KOS

om volledige beskerming deur SANTAM-versekering te bekom.

Al woon u ook waar, die gevaar bestaan altyd dat u u besittings kan verloor.

Dit is eenvoudig nie nodig om hierdie gevaar te loop nie want SANTAM se verskillende soorte polisse verleen volledige dekking en kos so min. Om meer inligting, skakel u naaste Santamkantoor, sonder enige verpligting van u kant.

Santam

V&RCO 8555A

FRICK SIG-SAG DE LUXE

Doen gewone werk,

Knoopsgate, Knope, Omkap, Borduurwerk,

Name skryf, ens.

HANDAANGEDREWE R53 :: MOTORAANGEDREWE R66

Frick

-NAAIMASJIENE

VOORTREKKER-
WEG 35,
PAROW

TELEFOON
98-6489

KONTRAKTEURS VIR K.H.V.S.

Vir verdere besonderhede sien Verdelings-/Kalenderbladsy in Telefoongids

M·A·T·I·E spells .....

Ja, ons weet wat dit spelle! Grosvenor daarenteen, staan vir die Kaap se vooraanstaande Ford-handelaars en garagediens.

Kom besigtig die nuutste Ford-modelle in ons toonkamers — die elegante Galaxie en Fairlane, twee groot motors van formaat; die Zodiac, Zephyr en Taunus, middelslagmotors met ongeewenaarde weelde, en die pragtige, gewilde Anglia en Cortina.

As u weer eendag in Kaapstad is, bel gerus 2-5521 vir 'n afspraak om u eie motor deeglik te laat nasien — ons voortreflike garagediens as gemagtigde Ford-handelaars is wyd en syd bekend.

GM 599

Grosvenor Motors

STRANDSTRAAT 73. KAAPSTAD. BEL 2-5521

9

TOEKENNINGS VIR TOPGEHALTE

1964 Parys. 1965 Bologna. 1966 Brussel. By die jongste drie Wêreld-Voedselolimpiades het KOO nege toekennings vir topgehalte verwerf. Dis waarom by kruideniers- en selfdienwinkels op vyf vastelande vroue van die wêreld KOO-produkte om hul puik gehalte kies. Hierdie gehalte, internasionaal aangeprys, is presies dieselfde as wat elke Suid-Afrikaanse huisvrou vandag by haar kruidenier kan koop - u ook!

KOO

DIE KEUR VIR KENNERS

Vrugte. Groente. Konfyte. Vrugtesappe.

VZ&R 2181

AS DIT 'N BOEK IS—ONS HET DIT

Die keur in die volgende afdelings:

Novelles en Romans
Kortverhale en Sketse
Essays
Kinderboeke en Jeugboeke
Drama en Poësie
Bloemlesings
Letterkundige Kritiek
Taalsake

Woordeboeke
Godsdiens
Lewenskuns
Maatskaplike Sake
Klere en Voorkoms
Gesondheid
Voedsel en Drank
Blomme

Boerdery
Wetenskap en Stokperdjies
Musiek
Sport
Reisbeskrywings
Geskiedenis
Biografie
Naslaanwerke

NASIONALE BOEKHANDEL BETEKEN LEESWAARDE!

NASIONALE nb BOEKHANDEL

Wandelgang, Groote Kerk, Posbus 2063, Kaapstad.

Escom-Sentrum, Wolmaransstraat, Posbus 9898, Johannesburg.

Henrystraat 64 en Maitlandstraat 53 Posbus 1058, Bloemfontein.

h/v Princess- en Cawoodstraat, Posbus 95. Port Elizabeth.

Voortrekkerweg 386, Posbus 119, Parow.

Saambou

PRESTEER DEUR LEIERSKAP

I *Eerste* en grootste Afrikaanse Bouvereniging – gestig 1942.

I Saambou is die *eerste* Bouvereniging wat besparing koppel aan goedkoop groeplewensversekering. Saambou se *kolskootspaarplan* is 'n kombinasie van die beproefde spaarmetode deur middel van subskripsie-aandele met belastingvrye diwidende en die voordele van groeplewensversekering met besonder lae premies.

I *Stigter en alleeneienaar van Woltemade Versekeraars Beperk* – Die *eerste* Suid-Afrikaanse Versekeringsmaatskappy deur 'n Bouvereniging gestig, ten volle deur 'n Bouvereniging beheer en *toegespits op huiseienaarsversekering* – 'n maatskappy wat reeds gedurende sy eerste boekjaar polisse ter waarde van R80,000,000 uitgereik het.

Dit is hierdie „eerstes" waarop Saambou se aanspraak op leierskap berus. Dit is ook hierdie „eerstes" wat oor die jare van Saambou die grootste Afrikaanse Bouvereniging gemaak het. En dit is hierdie „eerstes" wat verantwoordelik is vir Saambou se groot bydrae tot die bevordering van die spaargeneigdheid van die publiek en tot die ontwikkeling van 'n gevoel van trotse huiseienaarskap by die volk van Suid-Afrika.

Saambou

„Permanente" Bouvereniging
WAAR MENS TUIS VOEL

Voorsitter: Dr. M. S. Louw

Bates Oorskry R90,000,000-

Reserwes Oorskry R2,700,000



. . . met 'n seekuier?

Maties, of julle HUIS TOE gaan, VAKANSIE gaan hou of 'n SPORTTOER reël—met Union-Castle se Groot Skepe is dit maklik, plesierig en goedkoop.

Al wil julle ook binneland toe — gooi 'n draai op see en kom uitgerus by die bestemming. Dis 'n vakansie op sigself. Kuier-kuier. Union-Castle gee jou die ontspanning wat jy verdien, die geselligheid waarvan jy hou, kos uit die boonste rakke, vermaak duisend! En dikwels ekskursietariewe wat jou heelwat bespaar.

Kry besonderhede by UNION-CASTLE of

STELLENBOSCH-REISAGENTSKAP

BIRDSTRAAT, STELLENBOSCH. TELEFOON 3611.

PNB1495A

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

In Suid-Afrika vervaardig

VRFA136q